# H O O F S T U K   S E S

## P A U L U S

### A. Oriënterende oorsig.

(1) Die vroegste Christendom.

Jesus se onwettige veroordeling deur die Sanhedrin [1] is deur die Romeinse wêreldlike owerheid bekragtig en daarom het Hy die Romeinse vorm van teregstelling, naamlik kruisiging, ondergaan in teëstelling met die Joodse verwurging, verbranding, onthoofding of steniging.[2] Die "privaatmoord" op Jesus en die verstrooiing van sy dissipels sou normaalweg aan sy leer 'n noodlottige slag toegedien het. So het die Sanhedrin dit beplan, maar met sy opstanding het gebeurtenisse 'n onverwagte, bonatuurlike wending geneem. [3] Na sy eerste verskyning aan Maria Magdalena [4] verskyn Hy, eers in Jerusalem [5] en daarna by die see van Tiberias [6], aan sy elf dissipels voordat Hy na die hemel opvaar.[7]

Vir sy dissipels en vir die Christendom is Jesus se opstanding die sentrale en beslissende gebeurtenis in die geskiedenis, 'n breuk in die tyd. Die kruis is daarmee nie die geskikste simbool van die Christendom nie, maar eerder die geopende graf, die sigbare teken van sy oorwinning oor die dood. "Voor de eerste christenen was de geschiedenis van deze wereld aan haar einde gekomen; Christus werd door hen niet beschouwd als een schakel van wereldhistorische betekenis in een keten van geschiedkundige feiten, maar als een geheel enige Verlosser." [8]

Deur sy dood alleen sou Jesus 'n leermeester gewees het wat die egtheid van sy bedoelinge tot die uiterste konsekwensies bewys het; sy opstanding en hemelvaart bewys oneindig meer, naamlik dat Hy die bonatuurlike Messias is, die vervulling van Israel se verwagtinge, die visioen van die profete en die suiwerste ideale van Judaïsme. [9]

In die geloof dat Hy nie in die dode gebly het nie, het die dissipels hulle rotsvaste vertroue in Hom bewaar. Sy opstanding vorm die hoeksteen van hulle verkondiging: dit is die onderpand van die wederopstanding van

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 553-557.
2) Ibid., p. 584.
3) Luk. 24:1-12.
4) Joh. 20:11-18.
5) Joh. 20:19-29.
6) Joh. 21:1-22.
7) Luk. 24:50-52.
8) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 176.
9) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 192.

alle gelowiges, en wel van hulle werklike, persoonlike opstanding. [1]) "Diese Ueberzeugung, welche die Furcht vor dem Gott, der in die Hölle verstösst, zu ihrer Kehrseite hat, ist die mächtigste Kraft geworden, durch welche das Evangelium die Menschen gewonnen hat." [2]) Met Jesus se opstanding as kern word die evangelie 'n boodskap van God se ingryping [3]): die evangelie tree as 'n apokalipties-eschatologiese boodskap in die wêreld. Dit verkondig enersyds die nadering van die Godsryk, andersyds die gekruisigde en herrese Christus wat die ewige lewe gebring het. Jesus se Messianiteit is die brug daartussen. [4]) Die evangelie is daarmee die blye boodskap van die heerskappy van die almagtige en heilige God oor die wêreld, oor die dood en oor elke individuele siel. [5])

Die ingryping van God in die geskiedenis deur die opwekking van Jesus is van sulke oorweldigende betekenis dat materiële omstandighede vir die vroeë Christene van weinig betekenis was: in die openbaring van Christus gaan dit om iets wat alle menslike hoop, denke en verwagting oortref het. [6]) Die geskiedenis het sy laaste, beslissende wending geneem en stuur nou reg op sy doel af wat dit met die wederkoms van Christus sal bereik.

Sommige uitsprake van Christus het op 'n spoedige <u>parousie</u> gedui [7]) hoewel ander tekste eerder aan 'n uitgestelde wederkoms laat dink. [8]) Die elemente van hierdie "Nah-" en "Fernerwartung" weerspreek mekaar egter nie en is juis organies op mekaar betrokke. "Het rijk is nabij, maar het krijgt in de gestalte van zending en lijding aards-historische duur en de omvang van deze duur is onbekend." [9]) Die uitgestelde gerig skep 'n nuwe bedeling van genade en geleentheid tot bekering, en die huidige tyd wat die eindgerig voorafgaan het reeds die voorlopige gestalte van die Ryk waardeur die liefde van God nou reeds by die skuldige mensegeslag kom woon. [10]) Met Christus se koms het die Koninkryk reeds 'n aanvang geneem. "Onkeerbaar stu die toekoms die hede binne, sonder om egter daarin te verdwyn ... Wat hede en toekoms wesenlik verbind, is dat in beide dieselfde koms van dieselfde Koninkryk plaasvind ... 'die konink-

---

1) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 93-94.
2) Ibid., p. 95.
3) Filson: The New Testament against its environment, p. 50.
4) Von Harnack: Op. cit., p. 67.
5) Ibid., p. 68.
6) Ridderbos, H.: Paulus en Jezus, p. 101.
7) Soos Matth. 10:23; 24:34; Mark. 9:1; 13:29-30.
8) Byvoorbeeld Matth. 25:5, 19; Mark. 14:7-9; Luk. 19:11-27.
9) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 70-71.
10) Ibid., p. 75.

ryk hét gekom' en 'die koninkryk sál kom' is immers begin en einde van dieselfde omvattende beweging ... Met Jesus begin dus reeds die einde, al is dit ook nog slegs 'n begin." 1) In die vroegste Christelike gemeentes het albei opvattinge - dié van die spoedige en die uitgestelde parousie - gelewe. 2) Wat van beslissende betekenis was, was nie die tyd waarop die Koninkryk voleindig sou word nie, maar dat dit met Christus reeds 'n aanvang geneem het.

Die parousieverwagting en -verlange lei tot 'n relativering van die waarde van aardse instellinge en geluk. 3) Ál wat die eerste gemeentes besit het, was die werklikheid van die persoon van Jesus en daarom het al die nadruk in die verkondiging van die evangelie op sy persoon geval. Geloof in Hom het die grondliggende eis en die sekere waarborg van saligheid geword. 4) Daarom tree in die oudste verkondiging Jesus Christus net so dikwels na vore as die Godsryk. "Was man wirklich besass, war das Bild Jesu und die Kraft, die von ihm ausgegangen war; was man erwartete, erwartete man nur von Jesus, dem Erhöhten und Wiederkehrenden. So musste die Predigt, dass das Himmelreich nahe herbeigekommen, zu der Predigt werden, dass Jesus der Christ und Herr sei, und dass alle Offenbarungen Gottes in ihm ihren Abschluss gefunden haben. Wer Jesum ergreift, ergreift in ihm die Gnade Gottes selbst und alles Heil." 5) Jesus het vir die vroeë Christendom die middelaar tussen die heilige God en die skuldbelaaide mens geword, en teen die oorweldigende betekenis van hierdie band het alle ander in nietigheid vervaag.

Dit is die boodskap wat die apostels uitgedra het. Dit is dan ook verstaanbaar dat die eerste bekeerlinge gemaak is onder hulle wat min aardse verwagtings gehad het. 6)

Hierdie relativering van die waarde van besittings en stand, wat verband hou met die woorde van Jesus aan die ryk jongman 7), het tot 'n besondere samelewing aanleiding gegee. "Die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy

---

1) Van der Walt, T.: Die Koninkryk van God - naby! p. 309.
2) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 73.
3) Vgl. I Kor. 7:31: "Die gedaante van hierdie wêreld gaan verby.". Vgl. Cullmann, O.: Het oudste Christendom en de cultus in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 373.
4) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 90.
5) Loc. cit.
6) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 325. Vgl. Deissmann: Paulus, p. 67, 187; Postma: Paulus, 'n geroepe apostel, p. 374; Filson: The New Testament, p. 45; I Kor. 1:26; II Kor. 11:8-9.
7) Matth. 19:21.

besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad." 1) Iets soortgelyks was ook by die Esseense sekte die geval. 2) Dit gaan in die vroegste Christendom egter nie om die bewuste skepping van 'n nuwe sosiale organisasie nie: dit is 'n spontane skepping van die Heilige Gees in die gemeente. 3) Hierdie Christelike samelewing berus volkome op broederliefde en nie soos die kommunisme op dwang nie. 4) Die drang na eenheid op grond van die gemeenskaplike geloof in Christus kom op konkrete wyse tot uiting. So was dit die gewoonte in die oudste gemeente om die aandmaal saam te geniet. 5) Die Christelike gemeente word egter nooit 'n geslote gemeenskap soos die Essene nie. Besiel deur die Heilige Gees 6), die Trooster wat Jesus belowe het 7), tree die dissipels met ywer en vrymoedigheid op om die boodskap van Jesus aan alle lede van die kosmopolitiese gemeenskap van Jerusalem te bring: "Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfílië, Egipte en die streke van Líbië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere ..." 8) Talle bekeer hulle, en tot drieduisend word op een dag gedoop. 9) "En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk." 10)

Aangesien die dissipels die wet getrou onderhou het, het die tempeloverheid, ten spyte van sy jaloesie op hulle gewildheid by die volk 11), hulle laat begaan ooreenkomstig die raad van Gamáliël: "As hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie." 12) Die dissipels gaan 'n tyd lank ongestoord voort om die evangelie openlik te verkondig. 13)

Israel het reeds talle "messiasse" gehad en dit is moontlik dat die evangelie van Jesus Christus net tot nog 'n Joodse sekte aanleiding sou gegee het, maar omstandighede het verander toe heidene en gehelleniseerde

---

1) Hand. 4:32.
2) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 135.
3) Cullmann: Het oudste Christendom in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 382.
4) Deissmann: Paulus, p. 101; Kellett: A short history, p. 181.
5) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 140-141.
6) Hand. 2:1-47.
7) Joh. 14:16-17.
8) Hand. 2:9-11.
9) Hand. 2:41.
10) Hand. 2:46-47.
11) Hand. 5:17-33.
12) Hand. 5:38-39.
13) Hand. 5:42.

Jode met liberale oortuigings tot die gemeente toegetree het. Daar was spoedig klagte dat die weduwees van die Grieksprekende Jode in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is [1]), en sewe diakens word dus aangestel om dié versorging te behartig. Elkeen van hulle dra 'n Griekse naam en hulle benoeming dui daarop dat die apostels besef het dat die gemeente geleidelik besig was om sy Joodse karakter te verloor. [2])

Mede as gevolg van die toenemende Hellenistiese invloed in die Christelike gemeente ontstaan 'n redetwis tussen sekere sinagoges en Stéfanus, een van die eerste diakens, 'n man "vol van geloof en van die Heilige Gees", wat groot wonders en tekens onder die volk gedoen het. [3]) Op grond van dié redetwis word hy by die tempelowerheid van lastering teen Moses en God aangekla [4]), hy word voor die Joodse raad gebring waar hy sy standpunt op so 'n vurige wyse stel [5]) dat die Raad hom nie end-uit aanhoor nie maar hom stenig.

Stéfanus se marteldood is die begin van bittere vervolging van die gemeente in Jerusalem, hoewel die apostels self blykbaar nie daarin betrek is nie. [6]) Die vervolging lei daartoe dat die evangelie binne korte tyd tot in Damaskus en die groot heidense stad Antiochië versprei. [7]) Van Stéfanus af loop die lyn van vervolging en lyding byna driehonderd jaar ononderbroke totdat die Christendom die amptelike godsdiens van Rome word. [8]) Onder Nero, "wat visse met slawevleis voer" [9]), neem die vervolging in 64 n.C. ontsettende afmetings aan. Die Christene word nie alleen daarvan beskuldig dat hulle Rome aan die brand gesteek het nie, maar van haat teen die mensdom en hulle word op die wreedaardigste wyse vervolg. "Mockery of every sort was added to their deaths. Covered with the skins of beasts, they were torn by dogs and perished, or were nailed to crosses, or were doomed to the flames and burnt, to serve as a nightly illumination." [10])

Veral in die tweede eeu n.C. is die vervolging verhewig, 'n handelswyse wat egter duisende bekeerlinge tot die Christelike gemeentes toegevoeg het. [11]) Die magtige Romeinse ryk het die eenvoudige leer van Jesus begin

---

1) Hand. 6:1.
2) Kellett: A short history of religions, p. 182.
3) Hand. 6:5-8.
4) Hand. 6:11, 13.
5) Hand. 7:2-56.
6) Hand. 8:1.
7) Kellett: Op. cit., p. 183.
8) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 333.
9) Postma: Paulus, 'n geroepe apostel, p. 389.
10) De Burgh: Op. cit., p. 330.
11) Ibid., p. 332.

vrees. [1] Twee doelbewuste pogings is van owerheidsweë aangewend om die nuwe geloof uit te roei, een teen die helfte van die derde eeu n.C., die ander aan die begin van die vierde. Die mislukking van die laaste wrede poging eindig met Konstantyn se aanvaarding van die Christendom waardeur dit mettertyd 'n triomferende wêreldgodsdiens word.

Naby die begin van die lang lydingsweg van die Christendom staan die figuur van Saulus van Tarsus [2], die jongman by wie se voete die teregstellers van die eerste Christenmartelaar hulle klere neergelê het en wat ook sy vermoording goedgekeur het. [3], maar wat ten slotte van homself sou praat as "'n ou man en nou ook 'n gevangene van Jesus Christus." [4] Hy wat "die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis oorgelewer" het [5], sou so deur Jesus aangegryp word dat hy sy lewe as martelaar vir die evangelie afsluit. "Volgens oorlewering is hy in die Marmertynse kerker opgesluit: 'n ronde kamer van klip, waarvan die bodem kil en glibberig was; uit die hol het 'n vreeslike damp opgestyg en duisternis het daar geheers; daar was 'n verskriklike engte, stank, benoudheid en ooglose nag." [6] In die regeringstyd van Nero is hy volgens oorlewering onthoof [7], soos 'n drankoffer uitgegiet. [8]

## (2) <u>Paulus se plek in die vroeë Christendom</u>.

### (a) <u>Afkoms en opvoeding</u>.

Paulus, 'n Romeinse burger van geboorte [9], was terselfdertyd 'n ortodokse Jood. Gebore in Tarsus in Cilícië, is hy in Jerusalem, aan die voete van Gamáliël, streng ooreenkomstig die voorvaderlike wet opgevoed. [10] Daarmee is hy burger van twee wêrelde.

Die naam <u>Saul</u> beteken <u>gevraagde</u> en is moontlik 'n aanduiding van die vroomheid van sy ouers. [11] Dit is ook moontlik dat hy na die eerste koning van Israel, die beroemdste lid van Paulus se stam (Benjamin) vernoem is. [12] Waarskynlik was <u>Saulus</u> sy naam in die Joodse wêreld,

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 333.
2) Hand. 7:58.
3) Hand. 8:1.
4) Filémon 1:9.
5) Hand. 8:3.
6) Postma: Paulus, 'n geroepe apostel, p. 395.
7) Greijdanus, S.: Het leven van den apostel Paulus, p. 278-279.
8) II Tim. 4:6.
9) Hand. 22:28.
10) Hand. 22:3.
11) Greijdanus: Op. cit., p. 240.
12) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 379.

Paulus in die heidense. Dit was by baie Jode die gebruik om 'n Hebreeuse en 'n gehelleniseerde of gelatiniseerde naam te hê. [1]) In die Heilige Skrif is geen grond vir die opvatting dat sy naam ná sy bekering na Paulus verander is nie.

Dit word aanvaar dat Paulus enkele jare ná Jesus gebore is. [2]) Hoewel sy geboortestad 'n belangrike handelstad was waar Ooste en Weste mekaar ontmoet het en 'n bekende sentrum van die Stoïsynse filosofie was, sodat die universiteit volgens bewering dié van Athene en Alexandrië oortref het [3]), het dit weinig uitwerking op hom gehad omdat hy blykbaar nie tot die welvarende kooplui nie maar tot die handwerkerstand behoort het. [4]) Hy stam waarskynlik van 'n Galilese familie af [5]), wat sou kon meebring dat hy nie so 'n ortodokse siening van die wet sou hê soos die Jerusalemgroep nie. [6]) Hy is bekend met die Septuagint, het 'n mate van kennis van die Griekse letterkunde [7]) en het in elk geval voldoende beheersing van Grieks om sy sendbriewe in dié taal te skryf. [8]) Die Jode van die Diaspora het ongetwyfeld baie Griekse beïnvloeding ondergaan en dit is verstaanbaar dat dit ook in minder belangrike opsigte met Paulus die geval was. [9]) Dit is egter onmiskenbaar dat daar geen wesenlike verwantskap tussen sy verkondiging en die Hellenistiese gedagtewêreld bestaan nie, maar inteendeel 'n skerp teenstelling. [10]) Sy streng Joodse gesinsopvoeding is in die eerste plek hiervoor verantwoordelik. Later stuur sy ouers hom na Jerusalem om daar in die rabbynse skool as Fariseër opgevoed te word. [11]) Dat die gesin ten spyte van sy verblyf in die Diaspora sy bande met Jerusalem, die sentrum van die Joodse godsdiens, behou het, blyk ook uit die feit dat Paulus se suster, of minstens haar seun, ook in Jerusalem gewoon het. [12]) Hy bestudeer hier die wet onder leiding van die beroemde rabbi Gamáliël van wie gesê word dat hy sommige van sy studente die Griekse filosofie laat bestudeer het. [13]) Of Paulus só met die Griekse wysbegeerte kennis gemaak het, is onbekend, maar sy geestelike herkoms bly nietemin

---

1) Greijdanus: Het leven v.d. apostel Paulus, p. 241. Deissmann: Paulus, p. 72.
2) Greijdanus: Op. cit., p. 239.
3) Sevenster, J.N.: Paulus in Waszink: Het oudste Christendom II, p. 299. Vgl. Wrede, W.: Paulus, p. 5.
4) Postma: Paulus, 'n geroepe apostel, p. 9; Deissmann: Op. cit., p. 40.
5) Deissmann: Op. cit., p. 72; Ridderbos: Paulus en Jezus, p. 52.
6) Vgl. hierdie studie, p. 258-259.
7) Vgl. Hand. 17:28; Tit. 1:12; I Kor. 15:33.
8) Greijdanus: Op. cit., p. 241.
9) Wrede: Op. cit., p. 5-6.
10) Sevenster: Op. cit., p. 300.
11) Greijdanus: Op. cit., p. 241; Wrede: Op. cit., p. 7; Deissmann: Op. cit., p. 73. Vgl. Hand. 22:3.
12) Hand. 23:16.
13) Thackeray: The relation of St. Paul, p. 48, 232.

suiwer Joods, sodat hy van homself getuig: "Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër." 1)

(b) Bekering.

Skynbaar het die Fariseër Paulus Jesus nie self in lewe geken nie 2), maar in sy ywer vir die wet het hy spoedig met die volgelinge van die Nasarener in aanraking gekom. 3) Om wat hy as 'n valse geloof beskou het te bestry, was vir hom 'n plig teenoor God. In die sinagoges en by die verhoor van sy slagoffers moes hy baie besonderhede oor die woorde en werke van Jesus verneem het. 4) Dit is moontlik dat hy deur die Christene se toewyding onbewus daartoe voorberei is, maar nietemin het sy bekering as gevolg van die gesig op die pad na Damaskus 'n breukkarakter. "Paulus stelt zijne bekeering nergens voor als resultaat van eene psychologische ontwikkeling ..., maar als een tegen zijn verwachtingen, tengevolge van onverwacht ingrijpen en plotselinge verschijning aan hem van den Heere Christus, plaatsvindende omzetting van zien en kennen en innerlijk bestaan." 5) Hierdie plotselinge bekering, wat ongeveer in die jaar 30 n.C. of kort daarna moes plaasgevind het 6), bring 'n radikale verandering in sy lewe. Dit raak nie sy geloof in God nie, want reeds as Fariseër het hy God met hartstogtelike oorgawe en diepe opregtheid gedien. "So brauchte er nicht ... von einem Sündenleben, von Sinnenlust und Weltliebe abzukehren, um fortan ein Büsser und Heiliger zu werden. Die Schuld seines Lebens sieht er auch nicht in seiner Härte und Unduldsamkeit, sondern einzig in der Verkennung Jesu, in dem Irrtum, der ihn bis zur Verfolgung der göttlichen Sache geführt hatte." 7)

Ná sy bekering bring Paulus slegs 'n paar dae saam met die dissipels in Damaskus deur 8), waarna hy na Arabië vertrek. Daarna keer hy na Damaskus terug om eers drie jaar later na Jerusalem te gaan waar hy vyftien dae by Petrus deurbring. 9) Die verblyf in Arabië was waarskynlik vir hom 'n tyd van oordenking en gebed om te probeer vasstel wat God se plan met hom is. 10)

---

1) Filip. 3:5. Vgl. II Kor. 11:22.
2) Ridderbos: Paulus en Jezus, p. 44. Greijdanus: Het leven v.d. apostel, p. 243.
3) Gal. 1:13; Filip. 3:6.
4) Greijdanus: Op. cit., p. 245. Vgl. Hand. 7:58; 8:1.
5) Greijdanus: Op. cit., p. 246.
6) Klijn, A.F.J.: Inleiding tot het Nieuwe Testament, p. 71; Filson: The New Testament against its environment, p. 39.
7) Wrede: Paulus, p. 10.
8) Hand. 9:19.
9) Galásiërs 1:17-18.
10) Deissmann: Paulus, p. 191; Grant: A historical introduction, p. 386.

In die gesig op die pad na Damaskus het hy 'n ander openbaring van Jesus gehad as dié van die dissipels, wie se mededelinge vir hom derhalwe nie van veel waarde kon wees nie en waarmee hy buitendien deur die verhoor van sy Christenslagoffers in hooftrekke bekend moes gewees het. Die historiese Jesus is vir hom van sekondêre belang in vergelyking met die geopenbaarde Jesus. 1) Dienooreenkomstig skryf hy aan die Galásiërs: "Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus." 2) Paulus se leermeester was Jesus self wat sonder tussenkoms van 'n menslike leermeester in direkte ontmoeting aan hom die wil van God geopenbaar het.

Ná hierdie ingrypende gebeurtenis wy Paulus sy hele lewe aan die bevordering van die evangelie van Jesus: hy is nou die uitverkore werktuig om Jesus se Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. 3)

(c) Evangelieverkondiging.

Paulus was nie die eerste sendeling wat die evangelie aan die Grieke gebring het nie: reeds sommige wat deur die vervolging ná die dood van Stéfanus verstrooi is, het in Antiochië met groot sukses die evangelie aan die Grieksprekende Jode verkondig. 4) Barnabas reis ook daarheen af, waarna hy Paulus ook soontoe bring. 5)

Die eerste periode van Paulus se sendingaktiwiteit duur sowat veertien jaar en betrek veral Sirië en die aanliggende Cilicië. Die tweede periode, wat met sy gevangeneming in 58 of 59 n.C. eindig, duur maar die helfte so lank, maar is veel belangriker omdat hy daarmee Europa betree en hom tot die Grieks-Romeinse kultuursfeer rig. Die evangelie word 'n wêreldsending en Paulus beoog dit om oor Rome tot in Spanje aan die westergrens van die bekende wêreld te reis. 6) Daar is by hom 'n rustelose drang om Jesus se naam oor die hele wêreld te laat weerklink want die tyd vóór die wêreldeinde is kort. 7) Paulus se sendingwerksaamheid word beëindig deur sy gevangeneming in Jerusalem. Daarna is hy na Rome gebring waar hy ongeveer in 64 n.C. 'n marteldood gesterf het. 8)

Paulus verkondig aanvanklik die evangelie aan sy volk, maar word deur vervolging na die heidene gedryf. Hy getuig daaroor: "... dat dit vir my

---

1) Kellett: A short history of religions, p. 185.
2) Gal. 1:11-12.
3) Vgl. Hand. 9:15.
4) Hand. 11:20-21.
5) Hand. 11:22-26.
6) Rom. 15:23-28.
7) Wrede: Paulus, p. 29. 8) Greijdanus: Het leven van den apostel, p.240.

'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my hart. Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking te wees, wég van Christus af. Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes ..." [1]) As gevolg van die Jode se weiering om die evangelie te aanvaar, wend Paulus hom spesifiek tot die heidene. [2]) Hoewel Jesus reeds die gedagte uitgespreek het [3]), is Paulus se sendingwerk in die praktyk 'n nuwe uitbreiding op Jesus se werk. [4]) Hierdie sendingwerk was die eerste fundamentele wêreldomvattende menslike onderneming en is die agtergrond waarteen die latere Europese kulturele roeping gesien moet word. [5]) Die omvattende sendingwerk was moontlik omdat die Romeinse ryk in hierdie tyd sy hoogtepunt bereik en byna die hele bekende wêreld in een sisteem saamgevat het. [6]) Die verkondiging van die evangelie het dwarsdeur die ryk die spoor van die Diaspora-sinagoges gevolg en die groot stede betrek. [7]) In die kosmopolitiese ryk het die handel vrylik gevloei oor 'n netwerk van uitstekende paaie [8]) wat in so 'n mate teen rowers beveilig was dat die Christelike boodskappers betreklik ongehinderd tot aan die verste einders van die ryk kon reis. [9]) Die daarstelling van die praktiese moontlikhede vir die verspreiding van die evangelie was dan ook Rome se besondere bydrae tot die Westerse kultuur.

Ander faktore het ook meegewerk om die evangelie vinnig te laat versprei. Die verval van die Hellenistiese politeïsme het tot die opbloei van die Oosterse misteriegodsdienste gelei [10]) wat met hulle verwagting van persoonlike verlossing aan die Christendom belangrike aanknopingspunte gebied het. [11]) Verder het die Griekse filosofie reeds sy hoogtepunt bereik en sy utopieverwagtinge het teleurgestel. Die staat was besig om te verval en die ontredderde enkeling het gehunker na die vastigheid wat slegs 'n persoonlike verlossingsreligie hom kon bied.

Nog 'n faktor wat die snelle verbreiding van die evangelie moontlik

---

1) Rom. 9:1-4.
2) Rom. 11:11-14.
3) Matth. 8:11.
4) Adolf, D.: Paulus und Jesus, p. 15.
5) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 85.
6) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 256; De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 282; Thiel, J.H.: Rome tot omstreeks 200 na Chr. <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom I, p. 63.
7) Wrede: Paulus, p. 30; Deissmann: Paulus, p. 175.
8) Childe: What happened in history, p. 274-275.
9) Fensham: Kultuur in die tyd van die Bybel, p. 20.
10) Vgl. hierdie studie, p. 144-148.
11) Wrede: Op. cit., p. 35; Deissmann: Op. cit., p. 174.

gemaak het, was die voorarbeid wat die Jode met die maak van proseliete gedoen het. Die grondliggende monoteïstiese beginsels was deur die invloed van die Diaspora-sinagoges reeds by die heidene bekend, selfs by dié wat nie by die sinagoge aangesluit het nie. 1) By hierdie kennis kon die apostels in hulle verkondiging van Jesus aanknoop.

Een van die belangrikste faktore in die verspreiding van die evangelie was verder die feit dat Grieks die wêreldtaal van die tyd was. 2) Die meeste Diaspora-Jode se huistaal was Grieks, en die Septuagint, die Griekse vertaling van die Bybel, was dwarsdeur die ryk bekend en het ongetwyfeld baie daartoe bygedra om Joodse godsdienstige begrippe bekend te maak.

Paulus, Jood van afkoms en opvoeding, maar as lid van die Diaspora goed bekend met die Griekse kultuur en leefwyse, was uitstekend geskik om die evangelie aan die heidendom te bring. Daarmee skakel hy Israel en Hellas, die twee onversoenlike kulture, aaneen; daarmee word die Christendom, die edelste wat Israel sou voortbring, 'n universele godsdiens, terwyl die Judaïsme, wat nasionaal gebonde gebly het, weinig verdere groei meemaak. Paulus was God se uitverkore werktuig om sy Naam ook na die heidene te dra. "Der Pharisäismus hatte seine weltgeschichtliche Mission erfüllt, indem er diesen Mann hervorgebracht hat. Aber auch der Hellenismus ist an Paulus etwas betheiligt, und das widerstreitet seinem pharisäischen Ursprung nicht, sondern ist zum Theil doch mit ihm gegeben. Propaganda, namentlich auch in der Diaspora, zu machen, lag den Pharisäern trotz aller Absperrung im Blute. Paulus folgte in neuer Weise dem alten Trieb ... Paulus hat die Verkündigung von Christus an die religionsphilosophische Denkweise der Griechen anzuknüpfen begonnen; er hat in der Apologetik philosophische Lehren der Griechen zu Voraussetzungen genommen; er hat damit die Projection des Evangeliums auf die griechisch-römische Gedankenwelt vorbereitet, aber er hat m.E. nirgendswo dieser Gedankenwelt einen Einfluss auf seine Lehre eingeräumt." 3)

(d) <u>Verhouding tot die heidense filosofie</u>.

Om die evangelieboodskap aan die heidene tuis te bring, het Paulus nie geskroom om dit in die Griekse denkwyse te klee nie, soos byvoorbeeld in sy rede op die Areópagus. 4) In die heidense samelewing was hy verplig om die unieke betekenis van Christus weer te gee in terme wat dié mense sou verstaan. Hy het die boodskap van die Christendom, wat in 'n

---

1) Aalders: Paulus, p. 30. Vgl. Reu: Cathecetics, p. 13-14.
2) Wrede: Paulus, p. 43.
3) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 105-106.
4) Hand. 17:22-31.

Semitiese taal vervat was, in Grieks vertaal. Dit was nie 'n letterlike vertaling nie maar 'n weergawe van die inhoud van Semitiese begrippe in Griekse begrippe. Hierdie magtige werk het vir die Hellenistiese wêreld 'n weg na die God van Israel en na Jesus geopen wat anders gesluit sou gebly het. 1) Die uiterlike inkleding ten spyt, is sy boodskap in die diepste grond egter onafhanklik van die Hellenisme. 2) So het sy siening van die gekruisigde Jesus en die versoeningsleer geen ooreenkoms met die Griekse filosofie en moraal nie, en so is sy leer van gees en vlees ook in wese onversoenbaar met die Griekse siel-liggaam dualisme. 3) Hy maak wel in sy evangelieverkondiging gebruik van die voorbereide veld wat die sedelike "Reflexionsreligion" van die Griekse filosowe daarvoor gebied het. 4) Sy werk het egter 'n totaal nuwe bo-bou aan die Griekse opvattinge toegevoeg. Selfs die apokriewe boeke wat korrespondensie tussen Paulus en Seneca sou bevat 5) en wat Paulus se noue verband met die Hellenistiese denke sou bewys, berus op 'n ooreenkoms wat in wese on-Grieks is: in sy meegevoel met menslike swakheid en lyding het Paulus naamlik 'n gesindheid getoon wat heeltemal vreemd is aan die Stoïsynse onaandoenlikheid en wat eers onder die keisers van die tweede eeu n.C. aan die lig sou tree. Dit was die voorafskaduwing van hierdie nuwe gees in Seneca se geskrifte wat aanleiding gegee het tot die Christelike legende van sy vriendskap met Paulus. 6)

Paulus se boodskap is nie op die wysbegeerte gegrond nie maar vloei voort uit God se openbaring wat nie deur die rede vatbaar is nie. 7) Hy waarsku tewens uitdruklik teen die gevare wat die beperkte logiese denke inhou: hy is gestuur "om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie. Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God; want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak. Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie? Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red." 8)

---

1) Klijn: Inleiding tot het Nieuwe Testament, p. 73.
2) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 55-56.
3) Ibid., p. 64, 99.
4) Ibid., p. 105.
5) Greijdanus: De apokryphen van het Nieuwe Testament, p. 297.
6) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 307.
7) Rom. 11:33. 8) I Kor. 1:17-21.

Hy vestig die aandag op die wysheid van God wat vir die mens onbegryplik is: "Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense ... Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing." [1]) Hierdie afstanddoen van die gesag en die roem van die eie rede is heeltemal on-Grieks. Paulus voer die mens se onmag teenoor God se almag tot sy diepste konsekwensie in die sendbrief aan die Galásiërs: selfs dié wat deur Christus losgekoop is, ken nog nie vir God nie, maar word deur God geken. [2]) Nie deur middel van logiese denke is God kenbaar nie, maar enkel deur die liefde: "En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei ..." [3]) Wanneer die logiese denke in plaas van liefde die maatstaf is, kan die mens met drogredes verlei word. [4])

Deur liefde in plaas van logika as voorvereiste vir kennis van God te stel, bring Paulus 'n totaal nuwe gedagte in plaas van die Griekse redebeheptheid. Dit sluit egter nou by die Joodse opvatting van kennis as 'n intensiewe meelewing aan. [5]) Die apostel verkondig 'n kinderlike, eenvoudige wysheid wat nietemin ver bo die hoogste prestasies van die wysbegeerte uitstyg omdat dit na God luister met die sintuig van die liefde en hom nie beperk tot die intellek wat aan homself die grense van logiese bewysbaarheid stel nie. Die Griekse rede-snobisme is derhalwe heeltemal vreemd aan Paulus se opvatting. [6])

Waar die liefde gekoppel was aan geloof in Jesus se opstanding uit die dood [7]), was dit vir die Griek met sy logiese, natuurgerigte denke uiters moeilik om die nuwe godsdiens te aanvaar. [8]) Paulus lê dan ook nêrens 'n positiewe band tussen die evangelie van Jesus Christus en die heidendom van sy dae nie. [9]) Later het die Christendom wel sy leerstellinge in terme van die filosofie gegiet om dit vir die Griek verstaanbaar te maak, maar dit is in wese nie filosofies nie. "Is een christelijke filosofie werkelijk christelijk, dan houdt zij op filosofie te zijn; en wanneer zij op haar wijze iets te zeggen heeft over God als de oorzaak van de wereld, dan spreekt zij niet als natuurlijke theologie, doch als bovennatuurlijke

1) I Kor. 1:25, 30. 2) Gal. 4:9.
3) Filip. 1:9-10.
4) Kolos. 2:4. Soos in I Kor. 1:20 verwys Paulus hier wellig na die Sofiste.
5) Vgl. hierdie studie, p. 182-185.
6) Deissmann: Paulus, p. 60.
7) Rom. 10:9.
8) De Zwaan, J.: Overzicht van de geschiedenis van het oudste Christendom <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom II, p. 14. Vgl. De Burgh: Legacy, p.341.
9) Ridderbos: Paulus en Jezus, p. 58.

theologie die tot waarheid komt niet door inzicht, maar door openbaring en geloof. Blijft zij echter waarlijk filosofie, dan beroept zij zich uitsluitend op het inzicht van de mens en dan is vooreerst nog niet te sien wat dan bij haar het specifiek christelijke zou zijn ..." 1)

Paulus het aan die Griekse filosofie 'n dimensie toegevoeg wat nie vir die logiese rede nie, maar slegs vir die fyner sintuie van liefde en geloof toegank1ik is.

(e) Reise en sendbriewe.

Die werk waartoe die heidenapostel geroep is, die bring van die evangelie, het hy langs twee weë uitgevoer: deur uitgebreide sendingreise en deur sendbriewe wanneer persoonlike kontak met die gemeentes nie moontlik was nie. Dit is bereken dat Paulus slegs op die reise wat in die boek Handelinge beskryf is, in sowat twintig jaar 'n afstand van ongeveer 4,900 myl oor land en 5,600 myl oor see moes afgelê het 2) wat 'n geweldige onderneming vir dié tyd was. Hierbenewens het hy 'n uitgebreide reeks briewe nagelaat wat hy aan verskillende Christelike gemeenskappe oor aktuele probleme geskryf het en waarin sy siening oor die evangelie uiteengesit is. Geskryf aan persone wat reeds met die geskiedenis en dade van Jesus vertroud was, is die sendbriewe bereken om Jesus se woorde te vertolk en hulle implikasie te deurgrond. Van die begin af moes sy briewe 'n sekere mate van faam geniet het. Selfs sy teëstanders erken dat die briewe "gewigtig en kragtig" is. 3) en hulle boots dit selfs na. 4) Verder blyk dit dat Paulus die uitruil van sy briewe aangemoedig het. 5) Die bydrae wat Paulus in sy sendbriewe lewer, bestaan daarin dat hy uit Jesus se eenvoudige, direkte woorde die grondliggende beginsel na vore bring. "Es war eine Notwendigkeit, sogar eine Fortschritt. Die Religion Jesu konnte gar nicht in ihrer ursprünglichen Einfachheit verbleiben, seit Jesus selber nicht mehr auf Erden war." 6)

(f) Benadrukking van die beginsel.

Vir die taak om uit Jesus se woorde en optrede in die praktyk van die lewe die algemeengeldige reëls uit te lig, was Paulus uitmuntend geskik. Hy behoort aan 'n ander laag van die volk as Jesus. Die wysheid van die rabbi's en moontlik ook die vrye denke van die Hellenisme het hom onder die inspirasie van die Heilige Gees daartoe in staat gestel. In

1) Krüger: Fundamentele problemen der hedendaagse wijsbegeerte, p. 141.
2) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 28.
3) II Kor. 10:10. Vgl. Klijn: Inleiding tot het Nieuwe Testament, p. 118.
4) II Thes. 2:2-3.
5) Kolos. 4:16.
6) Adolf: Paulus und Jesus, p. 59.

plaas van Jesus se eenvoudige, direkte taal, gerig op die konkrete, is by Paulus die refleksiewe, ordenende denke aan die werk: religie is vir hom onafskeibaar van denke. Paulus is verder bewoner van die groot stad vir wie die individuele geval minder blywend is maar makliker met ander tot 'n sisteem aaneenskakel. 1) Waar Jesus in direkte ontmoeting met die enkeling in sy konkreetheid opgetree het, is Paulus die kanselredenaar wat die onderliggende beginsel in Jesus se optrede na vore bring. 2) "Christus ist für Paulus nicht eine Person der Vergangenheit, mit der er nur durch Betrachtung seiner überlieferten Worte verkehrt, nicht eine 'historische' Grösse, sondern eine Realität und Macht der Gegenwart, eine 'Energie', deren Lebenskräfte täglich in ihm selbst sich auswirken." 3) In sy prediking van Christus het Jesus se historiese en menslike trekke vervaag en val die klem op Christus as transendente goddelike wese. 4) "Staat bij Jezus het Koninkrijk Gods sentraal, bij Paulus de Christus en het Koninkrijk van Christus. Bij Jezus de trits: berouw - bekering - vergeving, bij Paulus: lijden - opstanding - verlossing." 5)

Hoewel Paulus die klem op die beginsel lê, is hy nie 'n filosoof nie 6) en sy briewe bly in wese fragmente wat in konkrete gevalle die beginsel uitlig sonder om tot 'n sluitende sisteem te kom. Die briewe, wat sowat twintig jaar vóór die evangelies te boek gestel is 7), bevat nie fundamentele sendingprediking nie, maar is geleentheidskrifte. 8) Nogtans val die klem telkens op die grondliggende teologiese beginsel wat in die betrokke geval geld. "Paulus denkt, spreekt, schrijft, oordeelt, handelt vanuit een zeer bepaalde, doordachte theologische positie ... Die fundamentele positie verdedigt hij in allerlei concrete, actuele situaties ... In deze zin kan, ja moet men zeggen, dat Paulus in de eerste plaats en eigenlijk theoloog is, niet een Christelijke persoonlijkheid, niet een held der vroomheid, niet een man van de practijk ... Voor Paulus is practisch werk nimmer iets geweest, dat op zichzelf belangrijk was, dat los stond van zijn theologische grondpositie ... zijn daden op ethisch terrein blijken steeds diep in zijn theologie geworteld te zijn." 9)

Met die klem wat hy nie alleen op die daad lê nie maar veral op die

---

1) Deissmann: Paulus, p. 83.
2) Vgl. Wrede: Paulus, p. 85, 87.
3) Deissmann: Op. cit., p. 107-108. Vgl. ook p. 148.
4) Ridderbos: Paulus en Jezus, p. 7.
5) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 111.
6) Deissmann: Op. cit., p. 60.
7) Klijn: Inleiding tot het Nieuwe Testament, p. 23.
8) Ridderbos: Op. cit., p. 54; Deissmann: Op. cit., p.166; Schrenk, T.: Was versteht der Apostel Paulus unter "Glauben"? p. 6.
9) Sevenster, J.N.: Paulus in Waszink: Het oudste Christendom II, p.264-265.

beginsel, maak Paulus die leer van Jesus toeganklik vir die Griek wat eweneens geneig is om die realiteit aan die beginsel ondergeskik te maak. Daardeur word die nuwe religie vir die Griekssprekende wêreld verstaanbaar en so word die Christendom die godsdiens van Europa. 1) "It was through the mediation of Christianity that the spiritual inheritance of Israel was transmitted to the western world. In the process of transmission it was remoulded and transformed; much that was distinctive of Judaism was dropped, and what was assimilated became the groundwork of a new structure." 2) Paulus se werk en benadering was daarmee 'n noodsaaklike skakel om die Christendom 'n universele godsdiens te laat word. "Jezus moge een Palestijnse Jood geweest zijn, Paulus' wezen bestond uit meer elementen en zijn levenswerk ligt buiten Palestina en weldra ook buiten de eigenlijke Joodse kringen in het buitenland. De voortgang en de ontplooiing van het Christendom vinden plaats in een andere wereld dan de Palestijnse, de wereld waarin niet Judea met Jeruzalem het middelpunt is maar Alexandrië, Byzantium, Rome." 3)

Hoewel die egtheid van Paulus se outeurskap van sommige briewe omstrede is, word dit aanvaar dat die briewe vanaf Romeine tot en met Filémon van sy hand is. 4) In hierdie hoofstuk sal dus slegs aan hierdie briewe stof ontleen word wanneer Paulus se antropologiese beskouinge gerekonstrueer word aan die hand van sy ontmoeting met mense in bepaalde eksistensiële situasies.

B. Die mens in enkele kenmerkende ontmoetingsituasies.

(1) Die liggaam en materie.

Vir die Griek is die liggaam, materie en die wêreld in wese god- en sielvyandig en dus boos. 5) Israel erken daarteenoor nie 'n siel-liggaam gespletenheid nie: albei vorm saam 'n Godgeskape eenheid. 6) Jesus bou op die Joodse opvatting voort en noem die liggaam 'n tempel van God, maar waarsku terselfdertyd teen die mag wat die stoflike en die liggaam ten kwade oor die siel kan uitoefen. 7) Die kloosterwese, een van die belangrikste aspekte van die Middeleeuse Christendom, word gekenmerk deur sy verheerliking van askese wat berus op die leerstelling van die

---

1) Boman: Das hebräische Denken, p. 11.
2) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 90.
3) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 434-435.
4) Klijn: Inleiding tot het Nieuwe Testament, p. 66.
5) Vgl. hierdie studie, p. 91-94.
6) Ibid., p. 182-184.
7) Ibid., p. 271.

wesenlike sondigheid van die liggaam en die boosheid van materie. [1] In sy wese is dit 'n Oosterse gedagte wat ook verband hou met die Fariseërgebruik van vas en bid [2], maar dit het so diep in die Christendom ingedring dat dit eeue lank 'n skewe mensbeeld tot gevolg gehad het. Dit kom in die huidige tyd nog by wyse van gedaanteverwisseling en klemverskuiwing tót uiting in 'n rede-liggaam geskeidenheid, in die valse opvatting dat die denkende mens buite sy natuurlike verband met die wêreld tree. [3] "Het wetenschappelijk denken doet een vervreemding ontstaan tussen de mens en zijn lichaam; de wetenschapsman geeft zijn lichaam, ook zijn zintuiglijke organen een plaats in de wereld van de objecten van het bewustzijn en schept daarmee de mogelijkheid om de situatie waarin hij zelf bij het waarnemen komt te verkeren, geestelijk en technisch te beheersen." [4] Nie alleen 'n vreemdheid vir die liggaam volg hieruit nie, maar ook vir die wêreld en die gemeenskap, wat tot die moderne gevoel van eensaamheid en ongeborgenheid aanleiding gee. [5]

Waar hierdie splyting van die mens in siel-liggaam of in rede-liggaam so 'n belangrike bestanddeel van die Westerse kultuur geword het wat fundamenteel as 'n Christelike kultuur beskou word, is dit verstaanbaar dat sommige mense meen dat hierdie splyting 'n uitvloeisel van die Christelike leer self moet wees. Hierdie dualisme word dan ook dikwels pertinent aan Paulus ten laste gelê. Aangesien die opvatting van die dualisme van siel en liggaam vir die opvoeding in sy strewe na integrasie van die persoonlikheid ontredderende gevolge het, sal Paulus se opvattinge hier kortliks blootgelê moet word ten einde oor die pedagogiese aanvaarbaarheid daarvan te kan oordeel.

Sekere uitsprake van Paulus [6] bring Wrede daartoe om in Paulus se leer 'n volslae siel-liggaam dualisme te sien. "Der Mensch ist also durch sein bloss irdisches und körperliches Dasein der Macht der Sünde unterworfen. Die Sünde ist nicht nur tatsächlich bei allen Menschen verbreitet, sondern sie ist eine Notwendigkeit." [7] Volgens hierdie siening het die mens in sy aardse, liggaamlike bestaan geen vryheid nie. Die enigste verlossing sou dan daarin bestaan dat hy van hierdie vleeslike bestaan in 'n

---

1) Kellett: A short history of religions, p. 222-223; Cullmann, O.: Het oudste Christendom en de cultuur <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 384.
2) Kunst, P.G.: Bidden en vasten <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p. 58.
3) Krüger: Fundamentele problemen der hedendaagse wijsbegeerte, p. 169.
4) Ibid., p. 217.
5) Ibid., p. 176-177.
6) Byvoorbeeld I Kor. 15:26; Rom. 7:14, 18-20, 23-24.
7) Wrede: Paulus, p. 57.

geestelike oorgaan waarin hy van die materie en die liggaam bevry sal wees. "So sehr die Sünde bei Paulus im Zentrum steht, wir wiederholen es: es gilt mehr als die Befreiung von ihr. Der Mensch muss frei werden von den Banden des Leibes und der Erdenwelt, d.i. er muss sterben. Stirb und werde! ist die Devise." [1]

Hierdie siening, wat met die gnostiese beskouinge ooreenkoms toon [2], kom deels met die Sein-zum-Tode van die moderne eksistensialisme ooreen, behalwe dat die dood daarvolgens tot ewige geluk lei terwyl dit vir die meeste eksistensialiste volslae vernietiging beteken. [3] Weens sy miskenning van die belangrikheid van die mens se liggaamlike aspek hou hierdie opvatting wat aan Paulus toegedig is weinig moontlikhede vir die opvoeding in en verdoem dit die persoonlikheid tot 'n onredbare verskeurdheid. Daarvolgens sou die Pauliniese vertolking van die Christelike leer op sy beste tot asketiese ontsegging kon lei, 'n eindelose stryd tussen siel en liggaam wat slegs deur die dood besleg kan word. Die mens se aardse bestaan sou daarmee niks anders as 'n verminkte bestaan kon wees nie.

Die uitgebreide literatuur waarin Paulus oproep tot 'n hoogstaande sedelike lewe en tot vreugde in die aardse bestaan wat deur Christus geheilig is [4]) weerlê egter hierdie opvatting wat op 'n verkeerde interpretasie van sekere tekste berus.

Die belangrikste dwaling is dat Paulus se terme <u>wêreld</u> en <u>vlees</u> met <u>materie</u> en <u>liggaam</u> sou saamval. Dat hy onder <u>vlees</u> nie die liggaam verstaan nie, blyk uit uitsprake soos: "Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God." [5] Paulus verstaan onder <u>vlees</u> skynbaar alles in die mens wat nie op God gerig is nie, dit wil sê die bose lewensbeginsel [6], soos Jesus onder Mammon verstaan het. [7]

Waar die term <u>vlees</u> skynbaar veral op die Godvyandige in die mens self betrekking het, verstaan die apostel onder <u>wêreld</u> die totaliteit van alles wat teen God gerig is, "die Gesamtheit dessen, was nicht Gott ist,

---

1) Wrede: Paulus, p. 59.
2) Von Harnack: Lehrbuch, p. 201. Vgl. hierdie studie, p. 94-96.
3) Vgl. hierdie studie, p. 41-42.
4) Filip. 4:4-9.
5) Rom. 6:12-13. Vgl. ook vers 19.
6) Grosheide: Paulus' tweede brief aan de kerk te Korinthe, p. 140.
7) Adolf: Paulus und Jesus, p. 48.

oder das Universum des unmittelbar Natürlichen und des natürlich-sittlichen Lebens." [1]) Hy grens wêreld daarmee van skepping af, die totaal van die geskape natuur waarin God Hom aan die mens openbaar en wat dus nie Godvyandig is nie maar sy stempel dra: "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid." [2])

Vlees is vir Paulus nie sinoniem met die liggaam nie, maar het 'n veel subtieler betekenis. "Wat is immers voor Paulus dat vleesch? Dat is voor hem niet hetzelfde als het lichamelijke, het zinnelijke in engeren zin. Het vleesch, dat is voor hem al wat opkomt uit de oude onherboren natuur van ons menschen; dat zijn wij menschen, zooals wij van nature ons zelf zijn." [3]) "Wenn er zugibt, dass er Fleisch ist, dann gesteht er damit ein, dass er ein Feind Gottes ist, weil fleischlich gesinnt sein Feindschaft wider Gott ist ... In dem Ausdruck 'Fleisch' liegt infolgedessen ausgedrückt unsere Ohnmacht im Guten und zugleich unsere Verdammniswürdigkeit." [4])

Vlees is vir die apostel die mens se neiging weg van God af na die chaos toe en as sodanig toon dit ooreenkoms met die Joodse opvatting van die bose jētser. [5]) Waar hierdie jētser ooreenkomstig Israel se opvatting noodsaaklik is om die lewe in stand te hou, is vlees vir Paulus egter dit wat in die grond téén God gemik en op die dood gerig is. [6]) 'n Fundamentele verskil tussen Israel en die Christendom is hier op die spel. Volgens die Joodse opvattinge moet die mens oor sy bose jētser heers en dit rig en in diens van God se plan gebruik; volgens Paulus is die mens volkome magteloos om homself te verlos want ook in die gelowige is die sonde, die onwrikbaar Godvyandige, nog teenwoordig. Deur die sonde wat die mens as gevolg van die sondeval van nature aankleef, is die liggaam dood, maar die gees lewe vanweë die geregtigheid. [7])

Die teëstelling vlees-gees val dus nie saam met die Griekse liggaam-siel nie, maar met die natuurlike sondetoestand teenoor redding deur Christus. Daarom beteken saamgroeiing met Christus gelykvormigheid aan sy dood en is die oue mens saam gekruisig sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. [8])

---

1) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 127.
2) Rom. 1:20.
3) Brillenburg Wurth: De Christelijke vrijheid, p. 94.
4) Hörnemann, T.: Das Ende des Gesetzes, p. 44.
5) Vgl. hierdie studie, p. 181.
6) Hörnemann: Op. cit., p. 84, 88.
7) Rom. 8:10.
8) Rom. 6:5-6.

Daarom kan die gelowige ook in sy sterflike liggaam die sonde nie laat heers nie. [1]) In die vlees, dit is die rigting weg van God af, die mens se natuurlike rigting, is niks goeds nie en ook die mens se wil is magteloos om die goeie te doen. [2]) Die mens wat na God verlang, roep in sy onmag: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" [3]) Self is die mens volkome magteloos teen die sonde, maar Christus neem hom aan as kind, en dit is die verlossing van die liggaam. [4]) Daarom kan die verloste sy liggaam as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer stel [5]) en kan hy oor die drange van die vlees heers, wat ook geestelike sondes soos ongebondenheid, twis en nydigheid insluit. [6])

Dat die begrip vlees nie met liggaam saamval nie, blyk verder uit tekste soos: "En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam" [7]), wat impliseer dat die liggaam vir God waarde het. [8]) Die liggaam is naamlik 'n lid van Christus en mag as gevolg van hierdie waardigheid nie aan hoerery diensbaar gemaak word nie. [9]) In die lig van 'n uitspraak soos: "Of weet julle dan nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?" [10]) is dit bo alle moontlikheid van teëspraak duidelik dat by Paulus geen sweem van die Griekse siel-liggaam dualisme is nie.

Die Griek sien die liggaam as 'n kerker van die siel, Paulus sien dit as 'n tempel van God. Die liggaam behoort tot die wese van die mens. Dit behoort aan die Here gewy te wees; hy moet God daarmee dien. [11])

Paulus ken nie die siel-liggaam dualisme van die Griek nie: die gespletenheid van die Pauliniese mens is die kloof tussen die natuurlike mens en die verloste mens, tussen die in-sonde-gevalle mens en die mens soos God hom oorspronklik bedoel het om te wees en soos hy deur die geloof in Christus weer kan wees. Teenoor die wanhopige ondergangs-verwagting van die Griek het Paulus nie slegs hoop op redding nie, maar sekerheid daarvan.

---

1) Rom. 6:12.
2) Rom. 7:18-19.
3) Rom. 7:24-25.
4) Rom. 8:23.
5) Rom. 12:1.
6) Rom. 13:13.
7) I Kor. 6:13. Vgl. vers 18-20.
8) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 74-75.
9) I Kor. 6:15.
10) I Kor. 6:19.
11) Grosheide: Op. cit., p. 77.

Die aardse liggaam is deur die mens se oorgawe aan die sonde tot die dood gedoem en eers die dood van die liggaam sal die mens van die sonde bevry. Die aardse dood is dus nie 'n betaling vir die mens se sonde, soos Israel gemeen het nie, maar 'n afsterwe, 'n agterlaat van die sonde; dit is 'n ingang tot die ewige lewe. Reeds in sy aardse bestaan het die gelowige deur Christus deel in die lewe hoewel hy nog aan die liggaamlike dood onderhewig is. [1]) Daarom moet die gelowige elke oomblik by sy beslissinge bereid wees om sy eie begeertes op te gee vir wat God in sy lewe van hom wil hê [2]): "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." [3])

Deur God se genade in Christus is die mens in staat en word hy ook opgeroep om sy liggaam in diens van God te gebruik.

Dat Paulus nie die Griekse liggaamsveragting geken het nie, spreek verder uit sy opstandingsverwagting: God het ook die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag. [4]) "Hij doet ons weer ware mensen zijn, door ons lichaam tot het leven terug te roepen ... Dat zal God doen in de dag der dagen. En dan door de opstandingskracht van Christus, welke zich ook aan het lichaam zal mededelen. Daardoor is de heerlijkheid van het lichaam van de Christen in het licht gesteld." [5]) Paulus skryf oor die opstanding: "Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp." [6]) Met hierdie uitspraak toon die apostel 'n treffende ooreenkoms met die Joodse opstandingsverwagting soos dit uitgebeeld word in die apokalips van Baruch. [7]) Dit is in direkte teëstelling met die Griekse onsterflikheidsgedagte wat aan die bose liggaam geen plek daarin gee nie.

Die ewige lewe behels vir Paulus die opstanding van die liggaam, nie die onvolmaakte, natuurlike liggaam wat aan sonde en dood onderworpe is nie, maar 'n onverganklike, geestelike liggaam, anders as die aardse. [8]) Die liggaam is daardeur in waarde gerelativeer, net soos by Jesus. [9]) Solank die aardse bestaan duur, sal die mens konflik ken tussen die wet van

---

1) Hörnemann: Das Ende des Gesetzes, p. 90-91.
2) Brillenburg Wurth: De Christelijke vrijheid, p. 99.
3) I Kor. 6:20.
4) I Kor. 6:14.
5) Grosheide: Paulus' eerste brief, p. 77. Vgl. I Kor. 6:19.
6) Filip. 3:20-21.
7) Vgl. hierdie studie, p. 309-310.
8) I Kor. 15:35-54.
9) Vgl. hierdie studie, p. 270-271.

God in sy gemoed en die wet in sy lede wat daarteen stryd voer. [1]) Daarom ken Paulus verlange na die dood waardeur hy by Christus sal wees, maar die aardse lewe is nodig om die medemens die weg na Christus te wys. [2])

Vir Paulus is die aardse dinge slegs 'n skaduwee van die toekomstige dinge. [3]) Daarom het die materiële geen werklike, blywende betekenis nie. Ook asketiese gebooie "soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie" het daarom geen betekenis vir die gelowige nie maar strek tot die versadiging van die vlees [4]) in dié sin dat dit die mens kan laat meen dat hy deur eie verdienste op God se genade aanspraak kan maak. In die lig van hierdie uitspraak verkondig Paulus beslis geen askese nie: ontsegging kan tewens die "vlees" dien, dit wil sê die rigting weg van God af. 'n Uitspraak wat skynbaar askese aanbeveel, soos I Kor. 9:27, dui ook nie op verwerping van die liggaam nie maar op diensbaarmaking aan God, dit wil sê inskakeling by die Godsplan. [5]) In I Tim. 5:23 raai Paulus trouens pertinent teen asketiese gebruike. Ook die opdrag om hierdie wêreld te gebruik asof dit nie ten volle gebruik word nie [6]), wat as Stoïsynse onaandoenlikheid vertolk kan word, berus nie op miskenning van die materiële nie, maar op 'n relativering van sy waarde.

Uit die onvolkomenheid en sonde- en dood-onderworpenheid van die aardse bestaan verlang die gelowige na die volmaaktheid van die ewige lewe by Christus: hy weet "dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig in die hemele." [7]) In vergelyking met dié ewige geluk is die aardse lewe 'n droewige, belaste bestaan; dit is die tyd waarvan gesê moet word dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon. [8])

Paulus minag dus nie die liggaam en beskou dit nie as wesenlik boos nie, maar hy beskou dit as van verbygaande waarde en plaas dit in perspektief teen die ewige lewe. Die liggaam is 'n middel om God mee te dien, maar dit is ook aan sonde en dood onderhewig. Daarom is dit sy gebed dat die gelowiges se gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van Christus. [9]) Daarom is dit nodig om te vlug

---

1) Rom. 7:22-23.
2) Filip. 1:23-24.
3) Kolos. 2:17.
4) Kolos. 2:20-23.
5) Dieselfde geld vir Filip. 3:17-20.
6) I Kor. 7:29-31.
7) II Kor. 5:1-10. Vgl. Grosheide: Paulus' tweede brief, p. 70.
8) II Kor. 5:6. Vgl. Hörnemann: Das Ende des Gesetzes, p. 116, 129.
9) I Thess. 5:23.

vir die begeerlikhede van die jonkheid en om geregtigheid, geloof, liefde en vrede na te jaag saam met dié wat die Here uit 'n rein hart aanroep. [1]) Sy raad aan Titus om ingetoë en regverdig en vroom in die teenswoordige wêreld te lewe [2]) toon by die eerste aanblik ooreenkoms met Epikurus se stelling: Leef onopvallend [3]), maar alle ooreenkoms verdwyn wanneer hy dit opvolg met: "... terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus." [4])

Wanneer Paulus die waarde van die wêreld en die materie relativeer, is dit nie met die sinisme en die pessimisme van die Griekse filosofie wat smartlik bewus is van die ewige ondergang van alle dinge nie: dit is met die verlange van 'n reisiger wat weet dat sy dae van vreemdelingskap amper verstryk is en dat hy op die drempel van sy ewige vaderland staan. Wanneer hy min van hierdie wêreld vra, is dit omdat hy van 'n ander, beter, blywende wêreld weet. "Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees ... Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor. Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe ..." [5])

Die relativering van die waarde van materie, besittings en die aardse bestaan is 'n breuk met die Joodse verwagting van 'n aardse gelukstaat. Terselfdertyd verskil dit egter ook van die Hellenistiese opvatting: dit beskou materie nie as boos nie, maar slegs as van onvergelyklik minder belang as die Koninkryk wat eers in die hiernamaals tot sy volle bloei sal kom. Die moderne materialistiese lewensopvatting kan dus nie na die Christendom teruggevoer word nie. [6])

"Selbstverständlich bringt Paulus dieser weltlichen Grösse (d.h. irdischem Gut) nur eine sehr relative Wertschätzung entgegen. Mit der Bedeutung der geistlichen Güter kann sich die der materiellen entfernt nicht messen (1. Kor. 9,11). Streitigkeiten über Mein und Dein sind für den Christen elende Lappalienstreitigkeiten (1. Kor. 6, 2 ff.). Habsucht ist wie die Pest zu meiden (Rm. 1,29; 1. Kor. 5,10 f.; 6,10; 2.Kor. 9,5;

1) II Tim. 2:22.
2) Tit. 2:12.
3) Vgl. hierdie studie, p. 144.
4) Tit. 2:13.
5) I Tim. 6:7-12.
6) In teëspraak met Durant: De Griekse wereld, p. 87.

Eph. 4,19; 5,3.5; Kol. 3,5). Wer ihr nachhängt, treibt Götzendienst (Kol. 3,5; Eph. 5,5, vgl. Mt. 6,24) und läuft die äusserste Gefahr, aus dem Gottesreiche ausgeschlossen zu werden (1.Kor. 6,10; Eph. 5,5). So ist es für den Gläubigen unbedingte Pflicht, auch dem irdischen Gute gegenüber sich immer und überall die vollste innere Freiheit zu wahren, gegenüber alle Strebungen, die von ihm ausgehen, den Menschen zu knechten, seine königliche Herrscherstellung zu betätigen. Kauft der Christ, so darf er nicht vergessen, dass die Erstandene doch nie sein Eigen bleiben wird (1. Kor. 7,30). Beraubt man ihn, so soll er es geduldig tragen, ohne sich in seinem seelischen Gleichgewicht erschüttern zu lassen (1.Kor. 6,7)."[1]

Vir Paulus is die allesoortreffende waarde die gelowige se vryheid in Christus, en hoewel materie en besittings in hulself nie boos is nie, kan dit hom van sy vryheid beroof. Die Christen is egter ten volle op aardse loon en besittings geregtig, en arbeid vir besittings is noodsaaklik sodat die mens nie in diefstal verval nie. [2]

In Israel het sommige denkers onder die Fariseërs reeds deurgebreek na die nuwe religieuse dimensie van 'n jenseitsverwagting. Jesus lê die klem op die oorweldigende betekenis van die ewige lewe wat die aardse bestaan relativeer. [3] Paulus, minder gerig op die konkrete en meer met die ewige en die abstrakte beginsel gemoeid, voer die gedagte nog verder. Hy spreek die mens in sy konkreetheid aan maar wil hom bevry van die knellende mag van materiële oorweginge deur hom op die opstanding tot die ewige lewe te wys. Teen die oorweldigende betekenis van die hiernamaals verbleek die aardse bestaan met sy materie-beheptheid. Die aardse, die materie en die liggaam, het geen blywende waarde nie maar slegs interimbetekenis. Daardeur kan Christus gedien word, maar dit hou ook die gevaar in dat dit die mens se aandag van die werklik waardevolle kan aftrek en hom van sy vryheid beroof. Deur hierdie relativering van die betekenis van die verbygaande in vergelyking met die mens se ewigheidsbestemming, verlos die Christendom die mens uit die ban van die wêreld [4] en stel dit hom weer voor die opdrag wat God aan die eerste mensepaar gegee het: hy moet oor die natuur heers en nie daarin verstrik raak nie. Dit eis van die gelowige 'n sekere afstandname van die materiële. Die wêreld, die liggaam en die materie het geen blywende waarde nie: dit is slegs die

1) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 156.
2) Efes. 4:28; I Thess. 4:11-12.
3) Luk. 12:4-5.
4) Krüger: Fundamentele problemen der hedendaagse wijsbegeerte, p. 140.

afskaduwing van die ewige, dit is slegs die voorbereidingsveld vir die ewige. Daarom het die besnydenis vir Paulus, anders as vir die Jood, geen intrinsieke waarde nie, maar 'n geestelike betekenis. [1])

In die lig van hierdie oorsig van die vroeë Christendom se opvattinge oor stoflike besit is dit begryplik dat die evangelie sy eerste bekeerlinge onder die armes en eenvoudiges gemaak het [2]) en dat dit 'n demokrasie tot stand gebring het op 'n veel hoër vlak as wat Athene dit kon bedink, naamlik 'n gemeenskap saamgebind nie deur materiële interafhanklikheid nie, maar deur liefde wat 'n uitvloeisel is van die geloof in en liefde vir Christus. Daardeur is die Christelike gemeenskap in wese 'n teokrasie.

(2) Die medemens.

(a) Die gemeenskap.

Paulus se relativering van die aardse ten gunste van die ewige, wat 'n sterk verskerpte uitbouing van Jesus se leer is [3]), is ook bepalend vir sy opvattinge oor die gemeenskap. Waar Israel se geloofsgemeenskap tot feitelike of vermeende bloedverwantskap teruggevoer kan word [4]), berus die gemeenskap vir Paulus in sy diepste wese op religieuse bindinge. Die sterkste band tussen mense is met ander woorde nie nasionaliteit, gemeenskaplike herkoms of geskiedenis nie, maar die geloof in God, en, omdat Jesus die Messias, die Seun van God is, die geloof in Christus. Dit beteken egter nie dat die natuurlike volksverband daardeur opgehef word nie. [5]) "Die ware gelykstelling van al die gelowiges geskied deurdat die gelowiges as lede van hulle afsonderlike volke gelyklik en op dieselfde wyse deel verkry aan die Godsvolk." [6])

Die grense van die gemeenskap word hierdeur op ingrypende wyse verlê. Waar die gemeenskap in Israel nasionaal en godsdienstig begrens was, is die "broer" in die Nuwe Testament iemand wat deur die reddende genade van Christus 'n lid geword het van sy gemeente. Die gemeenskap sluit volgens hierdie siening geensins alle mense of selfs alle lede van die Joodse volk in nie: die lyn van skeiding loop selfs deur die huisgesin, want die gemeenskap berus nie soos by Israel op bloed en geboorte nie,

---

1) Rom. 2:29; Hand. 15:1-11; 21:25; I Kor. 7:18-19.
2) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 25; Deissmann: Paulus, p. 67; Postma: Paulus, 'n geroepe apostel, p. 374-5.
3) Vgl. hierdie studie, p. 270-271.
4) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 332.
5) Vgl. Coetzee, J.C. jr.: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, p. 309-313.
6) Ibid., p. 310.

maar op Christus en op wedergeboorte. [1] Die Christene is saam een groot gesin omdat God hulle Vader [2] en Jesus hulle eersgebore broer is. [3] Materiële verskille val voor hierdie alles-transenderende eenheidsband weg: "Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus." [4]

Met hierdie opvatting word die eksklusivisme van die Joodse gemeenskap deurbreek en word die Joodse aanspraak daarop dat hy alleen gered word, uiteraard ontken. [5] Die Christelike gemeenskap is "eine besondere Gemeinschaft der Gemüther auf dem Grunde einer persönlichen, von Christus begründeten, durch den 'Geist' vermittelten Verbindung mit Gott, eine Gemeinschaft, deren wesenliches Merkmal es ist, dass sie das A.T. und den Gedanken, Volk Gottes zu sein, für sich in Beschlag nimmt, die jüdische Auffassung des A.T.'s und die jüdische Kirche von sich stösst, dadurch aber die Gestalt und die Kraft einer zur Weltmission fähigen Gemeinschaft gewinnt." [6]

Die gemeenskap van Paulus se prediking is, soos by Israel, deel van 'n driehoeksverhouding. Dit is nou egter nie meer deel van die verhouding Jahwe-Israel-volksgenoot nie, maar is ingebed in die verhouding Christus-gelowige-medegelowige. Daardeur word die grense van die gemeenskap ingrypend verskuif: dit omspan nie meer die hele Joodse volk terwyl dit die gojim uitsluit nie. Die Christelike gemeenskap is vir Paulus 'n universele gemeenskap "waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal." [7] Deur die gemeenskap op geloof in Christus te grond verwerp Paulus die materialistiese Joodse siening van die wese van die Bondsvolk: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename." [8] "By Paulus ... is die Messiaanse Godsvolk 'n suiwer godsdienstige entiteit van universele omvang waarvan die enigste grens die skeiding tussen gelowiges en ongelowiges is. Nou bestaan daar vir die Godsvolk geen kreatuurlik-volkse begrensing tot die volk Israel nie." [9]

---

1) Groenewald, E.P.: Die Christelike broederskap volgens die Heilige Skrif in Grosheide: Arcana revelata, p. 25.
2) Rom. 8:15-17.
3) Rom. 8:29.
4) Gal. 3:28.
5) Vgl. hierdie studie, p. 188-189.
6) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 51.
7) Kolos. 3:11.
8) Gal. 3:29.
9) Coetzee: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, p. 336.

Daarmee saam verval ook die Joodse instelling van die besnydenis as teken van die verbond. Met sy vergeestelikte siening stel die apostel nie meer 'n liggaamlike teken nie maar die geloof in Christus as die ware teken van die verbond. 1) Nie die hele volk Israel nie, maar die Christelike gemeente is die "klein res" wat aan God se verbond gehoorsaam is. 2)

Die onttrekking van die Christengemeente aan die Joodse gemeenskap het vir Paulus nie maklik geval nie. Israel se ongeloof is vir hom 'n onophoudelike smart en hy sou self vervloek wou wees as sy stamgenote na die vlees daardeur gered kon word. 3) Die evangelie van Christus is eerste vir die Jood 4), maar God is universeel: "Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here is tog Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." 5) Ook in die heidene se harte staan God se wet geskrywe. 6)

Met die opvatting van die universaliteit van God verkondig Paulus nie 'n leerstelling wat van die Joodse godsbeskouing afwyk nie — dit lê immers by implikasie in die monoteïsme ingebed 7) — maar Israel was nog nie ryp vir hierdie insig nie, veral nie in die tyd toe hy om sy nasionale voortbestaan teen die indringing van Hellenistiese invloede moes stry nie. Daarom kon Israel die verlegging van die grense van die gemeenskap waarvolgens nie almal Israel is wat uit Israel is nie 8), nie aanvaar nie en het hy die sending teengestaan. 9)

Deur die Christene se lyding wat 'n uitvloeisel is van die Jode se vervolging gaan die sending na die heidene. 10) Paulus hou nietemin sterk aan die verband met sy volk as uitverkore volk van God. "Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin. God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie ... Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe." 11) Die apostel beskou Israel nie as finaal verworpe nie: dit was deel van God se plan dat die volk Jesus as middelaar sou verwerp. Israel bly die verbondsvolk deur wie God sy

---

1) Wrede: Paulus, p. 73.
2) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 133-134.
3) Rom. 9:1-5.
4) Rom. 1:16; 3:1-2.
5) Rom. 10:12-13.
6) Rom. 2:14-15; 3:29-30.
7) Vgl. hierdie studie, p.189.
8) Rom. 9:6.
9) Hand. 14:1-6.
10) Hand. 8:1-4.
11) Rom. 11:1-2,8.

genade aan die wêreld skenk. [1]) "Want ek wil nie hê nie, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word..." [2]) "Ook wanneer die Godsvolk universeel word en suiwer godsdienstig van aard is, sodat uit al die nasies alleen die gelowiges tot die Godsvolk behoort, is die Israel wat deel het aan die Godsvolk, nog die histories-etniese volk. Die inlywing van die gelowiges uit die heidennasies in die Godsvolk beteken nie dat 'n nuwe geestelike Israel bestaande uit alle gelowiges tot stand kom in die plek van die volk Israel nie, maar die gelowiges uit die heidennasies word soos Israel ingelyf in die Godsvolk en kry naas Israel deel aan die Godsvolk." [3]) Die heidengelowiges is soos die takkie van die wilde olyf wat op die wortel van Israel ingeënt is [4]); daardeur het die heidene toegetree tot die groter gemeenskap in Christus; hulle het deel gekry aan Israel se geestelike voorregte en daarom roep Paulus hulle op tot stoflike bydraes vir die leniging van die nood van die Jerusalemgemeente. [5])

Paulus hou met die sterk gemeenskapsverbondenheid wat deel was van sy Joodse opvoeding deurgaans aan Israel se uitverkorenheid vas, maar stel nietemin ondubbelsinnig en ingrypend die geloof aan Christus as die maatstaf vir die vasstelling van die grense van die verbondsgemeenskap: "As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees!" [6])

Omdat Israel nie as volk Christus as sy Messias aanvaar nie, verskuif die swaartepunt van die Christelike religieuse gemeenskap van Israel af weg na die Hellenistiese wêreld. Ná 70 n.C. is alle bande met die moederbodem verbreek. Dit is opvallend dat Jesus se woorde slegs in die Griekse taal bewaar gebly het. [7])

Ná Paulus se sendingreise versprei die Christendom vinnig; dit word 'n internasionale gemeenskap. Met byna ongelooflike snelheid versprei dié nuwe gemeenskap oor die aarde, sodat daar in 410 n.C. in die katakombes in Rome reeds tussen twee- en viermiljoen Christene begrawe was en Tertullianus volgens 'n vertaling van Kellett reeds teen 198 n.C. aan die

---

1) Rom. 11:11-12.
2) Rom. 11:25-26.
3) Coetzee: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, p. 338.
4) Rom. 11:17-19.
5) Rom. 15:27; II Kor. 8:1-24.
6) I Kor. 16:22.
7) Boman: Das hebräische Denken, p. 11.

Romeinse owerheid kon skryf: "We are but of yesterday, yet we overspread your empire; your cities, islands, forts, assemblies, camps, palace, senate, forum, all swarm with Christians. Were we but to abandon you, the loss of so many men of all ranks and degrees would leave a hideous gap; you would stand aghast at your desolation, and be struck dumb at the general silence and horror, as if the whole world had departed." 1)

Die wonderbaarlike vooruitgang van die vroeë Christendom is byna onverklaarbaar. Vir die Griekse denke wat materie as vals beskou het, was die gedagte van Jesus se verskyning in 'n menslike liggaam en sy liggaamlike opstanding onaanvaarbaar. 2) Die Hellenistiese filosofie het egter in hierdie dae reeds sy hoogtepunt verbygesteek en kon die nood van die mens nie lenig nie. Ook die tradisionele mitologiese godsdiens het verval saam met die nasionale en wêreldlike gemeenskap waarin die mens op tydelike gebied steun gevind het. "In die tijd kon men slechts individualist zijn, daar Rome zijn zware schaduw wierp op alle gemeenschap die vroeger waarde had gehad. Die nood riep om <u>verlossing</u>, maar verlossing waarvan? Van het fatalisme, van de zinloosheid van het leven èn van een zinledige onsterfelijkheid." 3) Die Westerse gees het in dié tyd vertwyfel aan die rede wat onder Griekeland sy roem was, en vermoeid van denke in die misteriegodsdienste gevlug. 4) Oosterse misterie het ná die verval van die Olimpiese godsdiens hoogty gevier en daartoe bygedra om die gees van die klassieke mens vir die Christendom toeganklik te maak. 5) Die verval van die staatsgemeenskap en die tradisionele godsdiens lei tot die opkoms van die individu en skep die verlange na 'n persoonlike verlossing. Oppervlakkig beskou, toon die Christendom sekere ooreenkomste met die misteriedienste, maar verskil nietemin ingrypend van hulle. "To the polytheism of the Graeco-Roman gods, reduced to mere symbols as they were, to the vague and diffuse monotheism of the oriental religions, the Christian opposed his doctrine of the One God, the Father Omnipotent. In contrast to the various idolatries ... he offered a worship solely of the spirit, purified of astrological aberration, of bleeding sacrifice, of mystery-ridden initiation; for all these he substituted a baptism of pure water, prayer, and a frugal common meal. Like the pagan religionists he gave answer in the name of his sacred books to every question about the

---

1) Kellett: A short history of religions, p. 200-201.
2) Vgl. Hand. 17:32.
3) De Zwaan, J.: Overzicht van de geschiedenis van het oudste Christendom <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom II, p. 14.
4) Quispel, G.: De mysteriën van het syncretisme <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom I, p. 150.
5) Vgl. hierdie studie, p. 154-155.

origin of things and the destiny of man; but the Redeemer ... instead of being an ambiguous figure lost in a mythological labyrinth, was revealed in miraculous reality in the earthly figure of Jesus, the Son of God." 1)

In die tyd van die ongeborgenheid van die individu was dit die Christendom se belofte van 'n persoonlike verlossing en 'n persoonlike opstanding uit die dood, gewaarborg deur die persoon van die herrese Jesus, wat die nood gelenig het, maar dit was veral die sigbare liefdesgemeenskap waarvan geloof in Christus die bron was wat die ontredderde enkelinge van dié tyd saamgetrek het in die Christelike gemeenskap. Dié liefdebetoon op aarde en die belofte van 'n hemelse gemeenskap van die gelowiges het aan die lewe sin gegee.

Die Christendom wat in moderne tye as 'n mislukking bestempel word 2) en wie se God "dood" is 3), het in die eerste drie eeue van sy bestaan die Romeinse ryk verower 4) met die boodskap: Jesus het opgestaan!

In die tyd toe die Romeinse gemeenskap, wat afsonderlike nasionale gemeenskappe vernietig het, op sy beurt verval het, het die Christendom 'n gemeenskap gebied wat nie alleen vir dié ontredderde tyd nie, maar ook vir die toekoms en die jenseits betekenis gehad het en wat die hele wêreld sou omspan. 5) Hierdie universaliteit van die Christendom sou later daartoe lei dat sy leer volgens die Hellenistiese voorbeeld in terme van die wysbegeerte verduidelik sou word, hoewel dit nooit van 'n religie tot 'n filosofie sou degenereer nie. 6) Eers die 18de eeuse rasionalisme met sy utopistiese vooruitgangsgeloof en sy gevoel van onafhanklikheid van God het die klem van die religie na die wysbegeerte verlê en in plaas van die <u>toekomstige wêreld</u> die <u>toekoms van dié wêreld</u> vooropgestel 7), wat in wese 'n nie-christelike denkwyse is.

Vir Paulus was die gemeenskap 'n eenheid in Christus en op grond van sy klem op die ewige dus by uitstek 'n eenheid met transendentele betekenis. 8) Die aardse gemeenskap van gelowiges is saamgebind deur die liefde van Christus, en hierin gaan die uniekheid en betekenis van die individu nie verlore nie, want as een lid ly, ly al die lede saam. 9) Die indivi-

1) Carcopino: Daily life in ancient Rome, p. 156.
2) Vgl. Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 198-199.
3) Vgl. hierdie studie, p. 39-40.
4) Kellett: A short history of religions, p. 201.
5) Childe: What happened in history, p. 280.
6) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 360-361; Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 247.
7) Löwith: Op. cit., p. 59-60.
8) Efes. 4:1-16.
9) I Kor. 12:26.

dualiteit van die enkeling word juis gehandhaaf want God het elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het. [1] Daarom moet elkeen hom beywer met die oog op die beste gawes [2] want daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde gees. [3] Die Christelike gemeenskap is deur die liefde van Christus een van siel, een van sin, elke lid ag die ander hoër as homself en die lede sien na mekaar se belange om. [4] Die enkeling kry in die Christelike gemeenskap juis 'n besondere waarde en geborgenheid. Christus is die hoof uit wie die liggaam goed saamgevoeg en saamverbind is deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate, en die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing en liefde. [5] Tussen enkeling en gemeenskap is geen konflik nie, maar eenheid in Christus; daar is onderlinge afhanklikheid soos by die dele van die liggaam en daarom moet die natuurlike onderskeid en die daaruit voortvloeiende verskille van posisie en beroep in die gemeente ten spyte van die selfstandigheid en gelykwaardigheid van elke enkeling-Christen nie opgehef word nie, maar juis geheilig word. [6]

Hierdie eenheid van die Christelike gemeenskap moet so heg wees dat die gelowiges nie regsake teen mekaar aanhangig mag maak nie. [7] Christus is die hoof van die liggaam, naamlik die gemeente [8], en daarom mag daar nie tweedrag in die gemeente wees nie. Christus is die bron van die gemeenskapseenheid: "Oor die broederliefde het julle nie nodig dat ons julle skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê." [9] Geleer deur Hom, moet die gemeente in ware opregtheid en eensgesindheid lewe. "Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning." [10] Dit is 'n samelewing gegrond op onderlinge diensbetoon waarin die sterke nie die swakke uitbuit nie, maar sy swakhede dra. [11]

Ooreenkomstig Jesus se leer en omdat God al die nasies van die mensdom uit een bloed gemaak het [12], moet die gelowige sover as dit van hom

---

1) I Kor. 12:18.
2) I Kor. 12:31.
3) I Kor. 12:1-11.
4) Filip. 2:1-4.
5) Filip. 4:15-16.
6) Von Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte, p. 235.
7) I Kor. 6:1-8.
8) Kol. 1:18.
9) I Thess. 4:9.
10) Rom. 12:9-10.
11) Rom. 15:1. Vgl. I Kor. 8:10-13; 10:23-29.
12) Hand. 17:26.

afhang, met alle mense in vrede lewe en hom nie wreek nie, maar ook aan die vyand goed doen. [1]) Hy moet verdraagsaam wees teenoor andersdenkendes [2]) en aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof. [3]) Lede wat oortree het, moet daarom ook reggehelp word met die gees van sagmoedigheid want die gelowiges moet mekaar se laste dra. [4])

Hierdie verdraagsaamheid en steun is egter nie perkeloos nie. Die apostel beveel die gemeente in die naam van Christus "dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie." [5]) So 'n onttrekking moet ten doel hê om die oortreder te beskaam; hy moet nie as 'n vyand beskou word nie maar as 'n broeder vermaan word. [6]) Die gelowige moet nie met die sonde van ander gemeenskap hê nie [7]), maar moet hom aan mense wat 'n ander leer as dié van Christus verkondig, onttrek. [8]) Paulus gee selfs sommige persone wat die geloof van hulle weggestoot het, aan die Satan oor sodat hulle kan leer om nie te laster nie. [9]) Die gemeenskap is vir Paulus nie geografies of nasionaal bepaal nie, maar religieus, en die toetssteen is geloof in Christus.

Omdat die gemeenskap Christosentries is en die volkomenheid van Christus se ryk nie van hierdie aarde is nie, gaan Paulus, net soos Jesus, nie sosiaalhervormend te werk nie. Die geringheid van die Christene se posisie in die samelewing het trouens die gedagte daaraan uitgesluit. [10]) Die koninkryk van Christus, het hulle gemeen, is op hande en daardeur het aardse instellinge slegs betreklike en verbygaande betekenis. Die Nuwe Testament spreek oor "het opheffen en verzachten van lijden van de enkele mens of van groepen mensen, maar nooit over politieke veranderingen of over maatregelen op economisch of maatschappelijk terrein, die nodig zouden zijn om lijden te bestrijden of te voorkomen, om armoede op te heffen, vervolgingen op te laten houden of de slavernij af te schaffen; ook lezen we niet over protesten tegen het voeren van oorlog." [11]) Die bekering tot Christen is vir Paulus 'n innerlike en geestelike verandering wat die mens op die volmaaktheid van die Godsryk rig en dit behels dus nie

---

1) Rom. 12:18-21.
2) Rom. 14:1-12.
3) Gal. 6:10.
4) Gal. 6:1-2.
5) II Thess. 3:6.
6) II Thess. 3:14-15.
7) I Tim. 5:22.
8) I Tim. 6:3-5.
9) I Tim. 1:20.
10) Fisher: A history of Europe, p. 173.
11) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 71.

hervorming van die verbygaande samelewing nie. 1) Die Christendom is nie 'n rewolusionêre beweging in opposisie tot bestaande instellinge nie: elke mens moet homself onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel. 2) Dieselfde geld die instelling van slawerny, wat ook sonder vraag deur Jesus aanvaar word. 3) Soos Jesus, sien Paulus die koninkryk van God nie as 'n aardse utopie nie en voor die glans en die heerlikheid van die komende dinge verminder die belangrikheid van tydelike instellinge. 4) In die gemeenskap met Christus bly aardse onderskeidings voortbestaan, maar dit het alle ware betekenis verloor: almal is kinders van God deur die geloof in Christus in wie almal één is. 5) Paulus roep die gelowige trouens op om sy aardse posisie te aanvaar en dit juis in diens van Christus te gebruik: "Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is. Is jy as slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie; maar as jy ook vry kan word, maak daar des te meer gebruik van. Want die slaaf wat in die Here geroep is, is 'n vrygemaakte van die Here; so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van Christus. Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie. Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God." 6) Vir Paulus vervaag die belangrikheid van die verbygaande aardse instellinge: die ideaal van innerlike vryheid was vir hom so belangrik dat uiterlike vryheid daarteenoor verbleek het. 7) Daarom moet die diensknegte onderdanig wees en eerlike diens lewer 8) "en met goedwilligheid die Here dien en nie die mense nie, omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman. En here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie." 9) In dieselfde gees pleit Paulus by Filémon vir die gelowige slaaf Onésimus wat hy sy kind noem, "nie meer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n geliefde broeder in die vlees sowel as in die Here ..." 10)

Die gemeenskap wat Paulus beoog, is dus nie 'n demokrasie wat op gelyke reg berus nie: dit is 'n Christokrasie waarin die onderlinge ver-

---

1) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 383-384.
2) Rom. 13:1-7. Vgl. Tit. 3:1.
3) Vgl. hierdie studie, p. 278 oor Jesus se gemeenskapsbeskouinge.
4) Cullmann, O.: Het oudste Christendom in Waszink: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 380.
5) Gal. 3:26-28; I Kor. 12:13; Efes. 6:8.
6) I Kor. 7:20-24.
7) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 178, 180.
8) Tit. 2:9-10.
9) Efes. 6:7-9.
10) Filémon 1:16.

houdinge nie deur die wet gereël word nie maar op liefde berus. Die uitgangspunt van die wet is altyd distansiëring tussen wetgewer en onderhorige, dié van liefde nadering en eenwording. In sy diepste wese is die gemeenskap wat in Paulus se briewe bepleit word, 'n gemeenskap met jenseitsbetekenis. 1)

(b) Die huwelik en die vrou.

Paulus se opvatting van die relatiewe onbelangrikheid van aardse instellinge in vergelyking met die ewige is ook vir sy denkbeelde oor die man-vrou verhouding deurslaggewend. Hiermee bring hy nie werklik 'n nuwe gedagte nie, hoewel sy opvattinge oor hierdie aspek van die lewe byna lynreg teenoor die tradisionele Joodse staan: hy bou eintlik net 'n beginsel wat reeds in Israel se beskouinge gegeld het, tot sy verste konsekwensies uit.

Volgens Joodse opvatting is die huwelik die basiese menslike eenheid: man en vrou is sáám na die beeld van God geskep. 2) Die huwelik is op tweërlei wyse in die Godsplan ingeskakel: eerstens moet die menslike geslag daardeur gebou word, tweedens gebruik God ná die sondeval die huwelik as redmiddel om daardeur uiteindelik die Messias gebore te laat word. Daarom word dit as 'n plig beskou vir elke Jood om kinders in die wêreld te bring: deur nie kinders te hê nie, sou die mens moontlik kon verhinder dat die Messias of sy wegbereiders gebore word. Deur die huwelik met religieuse betekenis te beklee, heilig Israel die seksuele en daarom word owerspel en ontug baie swaar gestraf, 'n siening wat vreemd was in die Hellenistiese wêreld van die tyd wat deur losse sedes gekenmerk was. Prinsipieel was die huwelik vir Israel 'n instelling van God.

Jesus volg dieselfde denkwyse in sy uitsprake oor die man-vrou verhouding, maar Hy voer die beginsel reeds 'n stap verder. Hy aanvaar die huwelik as 'n basiese instelling en doen tewens sy eerste wonderwerk by geleentheid van 'n bruilofsfees, maar Hy wys pertinent daarop dat die huwelik en seksualiteit tot die aardse bestaan beperk is. 3) Hy noem Homself die Bruidegom, maar die huweliksverbintenis waarin Hy die bruidegom is, is 'n geestelike eenheid waarvan goddelike liefde en trou die hoekstene is. Jesus meld nêrens in hierdie verband uitdruklik dat Hy die Messias is vir wie se koms die huwelik in God se plan ingevoeg is en dat die huwelik dus reeds sy hoogste doel gedien het nie; nietemin relativeer

---

1) Cullmann, O.: Het oudste Christendom en de cultuur in Waszink: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 373.
2) Vgl. hierdie studie, p. 194.
3) Vgl. hierdie studie, p. 281.

Hy die betekenis van die huwelik en seksualiteit deur daaraan bloot diesseitbetekenis toe te ken in teëstelling met sekere gangbare Joodse opstandingsverwagtinge. Anders as die tradisionele siening van Israel verplaas Jesus die volheid van God se koninkryk na die hiernamaals, waar huwelik en seksualiteit geen rol meer sal speel nie.

Paulus voer hierdie gedagte nog verder. Hy is so oorweldig deur die verwagting van die ewige Godsryk dat die aardse vir hom verdwerg en byna alle betekenis verloor. Liggaam, materie en die menslike gemeenskap het bloot interim-betekenis want die gedaante van hierdie wêreld gaan verby [1]) en die tyd is kort. [2]) Slegs wat blywend is en tot die uitbreiding van die Koninkryk kan bydra, het waarde. Die verwagting van die parousie ontneem korttermyn-instellinge, soos ook die huwelik, blywende betekenis. Wanneer die apostel se uitsprake teen hierdie agtergrond van denke gesien word, word dit begryplik en dan is dit duidelik dat sy denke nie Grieks-georiënteer is soos soms beweer word nie: hy beskou nie die liggaam, seksualiteit en die huwelik as iets veragteliks nie, maar as van minder belang in vergelyking met die toekomende lewe.

Die verkondiging van huweliksaskese en selibaat is dan ook nie 'n deel van sy leer nie. [3]) Hoewel hy self nie gehuud is nie, verdedig hy uitdruklik sy vryheid om 'n vrou met hom saam te neem as hy dit sou verkies [4]) en hy skryf aan die Korinthiërs, wat gemeen het dat geslagtelike onthouding deel van Christus se leer is: "Dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie. Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê." [5])

Die doel van die huwelik sien Paulus, wat nie veel waardering vir aardse geluk het nie, volgens sommige uitsprake hoofsaaklik negatief: dit moet as afweermiddel teen ontug dien. So herhaal hy sy woorde aan die Korinthiërs ook aan die gemeente van Thessalonika, maar voeg daarby: "... omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge ... want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking." [6])

Hoewel hy die feit dat hy self geen sterk seksuele aandrif geken het nie as 'n genadegawe van God beskou het [7]), het hy goed besef watter ontredderende mag seksualiteit kan wees, nie alleen wat die aardse bestaan

1) I Kor. 7:31.
2) I Kor. 7:29.
3) Dijk: De vrouw in de brieven van den apostel Paulus, p. 32, 44.
4) I Kor. 9:5.
5) I Kor. 7:1-2.
6) I Thess. 4:3-7.
7) I Kor. 7:7.

betref nie, maar ook met betrekking tot die ewige. "En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam. En God het ook die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag. Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie!" [1])

Die mens moet kies tussen God en hoerery: hy kan óf een liggaam word met 'n ontugtige, óf met Christus. [2]) Die liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees [3]) en "geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie." [4]) Die keuse lê nie tussen liggaam en gees nie, maar tussen rigting vind na Christus toe of weg van Hom af.

Daar is nie aanduidings dat Paulus die doel van die huwelik en sy voleindiging in Christus, die Hoof van die gemeente [5]), bewus deurdink het nie, maar sy uitsprake toon dat hy aan die huwelik nie die positiewe betekenis vir die koms van die Koninkryk toeken soos dit by Israel die geval was nie. Hy aanvaar die huwelik as 'n instelling wat met die skepping van die mens gegee is en lê klem daarop dat dit ook as afweermiddel dien teen hoerery wat die mens anders van Christus sou vervreem. Christus se wese is naamlik liefde en trou; ontug gaan saam met ontrou en is dus 'n rigting weg van Christus af. Die twee is onversoenbaar. Hier staan Paulus vierkant teen die uitspattighede wat die meeste misteriedienste gekenmerk het [6]) sowel as die vrugbaarheidskultus waaruit hulle ontstaan het.

Die huwelik is nie vir Paulus soos vir die Gnosis 'n gevolg van die sonde nie, en om te trou is nie om te sondig nie. [7]) Vir diegene in wie se lewe seksualiteit 'n belangrike rol speel, beveel Paulus uitdruklik die huwelik aan: "Maar as hulle hul nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand." [8]) Vir sulke mense geld die Joodse siening van man en vrou se gesamentlike beeldskap van God: "En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie. Want soos die vrou uit die man is, so

---

1) I Kor. 6:13-15.
2) I Kor. 6:16-17.
3) I Kor. 6:19.
4) I Kor. 6:10.
5) Efes. 5:23-24.
6) Vgl. hierdie studie, p. 149, 151-152.
7) I Kor. 7:28.
8) I Kor. 7:9.

is ook die man deur middel van die vrou; maar alles is uit God." 1) Die ideaal vir die gehude vrou is dan ook die kuise, Christelike huisvrou, beskeie en swygsaam in die gemeentevergadering 2), onderdanig aan haar man soos die gemeente aan Christus onderdanig is. 3)

Al is daar in die genade van Christus vir alle gelowiges geestelike eenheid sodat man en vrou beide gelyk in sy genade deel 4), neem dit die natuurlike ongelykheid tussen die geslagte nie weg nie. "De vrouw - en Paulus denkt bij alle plaatsen aan de gehuwde vrouw - heet gynê hypandros, de onder de man zijnde (Rom. 7:2) en zij is als zodanig door de wet verbonden (I Cor. 7:34) en als zodanig heeft zij zich stil, bescheiden te gedragen, moet zij zich rustig houden. Aan dit decorum der vrouw is Paulus veel gelegen en hij scherpt dit de vrouwen telkens in." 5) Paulus se ideaal vir die vrou, soos uiteengesit in I Timótheüs 2:9 was tewens dieselfde as dié van die Grieke. 6) Paulus beklemtoon die onderdanigheid van die vrou omdat die Christendom, wat aan die vrou groter vryheid gegee het as wat destyds in die Hellenistiese wêreld die geval was, in Korinthe skynbaar daartoe gelei het dat vroue van hulle Christelike vryheid misbruik gemaak het en in alles aan die man gelyk wou wees. 7)

In die staat van stille en ongekompliseerde huweliksgeluk moet die mans hulle eie vroue liefhê "soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het." 8) In die Christelike huwelik heers die man nie oor die vrou nie: sy is nie 'n ondergeskikte nie maar 'n gelyke, mede-erfgename van God se genade. 9) As afspieëling van die liefde van Christus vir die gemeente het die monogame huwelik daarmee die enigste moontlikheid geword. 10) Daarom sal ook diegene wat die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is en skandelikheid bedrywe, die noodwendige vergelding van hulle dwaasheid ontvang. 11)

Christus leer die mens om lief te hê en die gesindheid van liefde moet dus ook in die gelowige se huwelikslewe tot uiting kom: "So behoort die

---

1) I Kor. 11:11-12.
2) I Kor. 14:34-35.
3) Efes. 5:22-24; Kolos. 3:18; Tit. 2:3-5; I Tim. 2:11-12.
4) Gal. 3:28.
5) Hommes, N.J.: Taceat mulier in ecclesia in Grosheide: Arcana revelata, p. 38-39. Vgl. Postma: Paulus, 'n geroepe apostel, p. 294.
6) Hommes: Op. cit., p. 42.
7) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 133. Vgl. Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 207.
8) Efes. 5:25.
9) Juncker: Op. cit., p. 168.
10) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 83.
11) Rom. 1:26-27.

mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggaam. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word." [1]) Twee basiese Joodse beginsels oor die huwelik kom hier tot uitdrukking: die onverbreekbare eenheid van die huwelik wat dieperliggend is as die ouer-kind verhouding, en die huwelik as simbool van die God-mens verhouding. [2])

Die gedagte van die grondliggende huwelikseenheid bring ook vir Paulus mee dat man en vrou vir mekaar bestaan: "Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou." [3]) Selfs in die geval van die huweliksverbintenis van 'n Christen met 'n ongelowige is egskeiding dus nie toegestaan nie [4]), maar dit is wel toelaatbaar wanneer 'n ongelowige wil skei. [5])

Die waarde van die huwelik bestaan dan vir Paulus daarin dat dit 'n basiese, Godgegewe instelling is en voorts ook dien om ontug te voorkom. [6]) Vir hom is die hoofkonsiderasie vir die gelowige altyd sy vryheid in Christus: "Alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie." [7]) Vir wie nie oor sy seksuele drif kan heers nie, is die huwelik die middel wat God skenk om sy liggaam teen hoerery te bewaar [8]) en sodoende vry te bly van hierdie sonde. Vir sulke mense is die huwelik noodsaaklik om hulle teen ontug te bewaar.

Met die groter persoonlike vryheid wat die Christendom die individu in eksistensiële beslissings toeken, is die gelowige egter vry om self in die lig van sy besondere omstandighede te besluit of hy sal trou of nie. So moet die ouer ook beslis of hy sy dogter sal uithuwelik of nie [9]) want volgens Griekse reg was dit die vader se verantwoordelikheid om hieroor te besluit. [10]) Waar die mens nie weens 'n gebrek aan selfbeheersing die huwelik as 'n beskermmiddel teen ontug moet aangaan nie, meen Paulus nietemin dat dit goed is vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie. [11])

---

1) Efes. 5:28-31.
2) Vgl. hierdie studie, p. 194-197.
3) I Kor. 7:4.
4) I Kor. 7:13.
5) I Kor. 7:15.
6) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 200.
7) I Kor. 6:12.
8) Brillenburg Wurth: De Christelijke vrijheid, p. 104.
9) I Kor. 7:36-38.
10) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 96-97.
11) I Kor. 7:1.

Dit is nie 'n asketiese oordeel wat op minagting vir die vrou berus nie, maar dit dien om die ongehude groter vryheid te laat. Die askete in die Korinthe-gemeente was die mening toegedaan dat die Christen nie behoort te trou nie. Bestaande huwelike, en huwelike met nie-gelowiges in die besonder, moes ontbind word. Die minste wat geëis is, is dat van geslagsverkeer in die huwelik afgesien moes word. 1) Daarteenoor stel Paulus dat ook die huwelik 'n genadegawe van God is. Hoe sou die huwelik veragtelik wees as dit 'n verborgenheid is wat diep gewortel is in die hele heilsgebeure? - Die man moet immers sy vrou liefhê <u>soos Christus die gemeente liefgehad het</u>. 2) Die getroudes moet hulle dus nie aan mekaar onttrek nie, "behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie." 3)

In verband met die selibaat skryf Paulus: "Ek meen dat dit goed is vanweë die aanstaande nood - dat dit goed is vir 'n mens om so te bly." 4) Die apostel verwag die spoedige wederkoms van Christus. Die tyd loop ten einde, en as hy daarom aanraai om ongehuud te bly, is dit om die mens die leed te bespaar wat die verskeuring van gesinsbande in die laaste dae sal meebring. Hy dink hier moontlik aan Jesus se voorspelling op weg na Gólgota: "Want daar kom dae waarin hulle sal sê: Gelukkig is die onvrugbares en die moederskote wat nie gebaar en die borste wat nie gesoog het nie." 5)

Nog 'n rede waarom Paulus die huwelik afraai, is omdat hy die mening toegedaan is dat die huweliksliefde die gelowige se toewyding aan God kan skaad: die konkrete teken van God se liefde hou die gevaar in dat dit die mens so in beslag kan neem dat hy oor die gawe die Gewer kan vergeet. "En ek wil hê dat julle onbesorg moet wees. Die ongetroude is besorg oor die dinge van die Here, hoe hy die Here sal behaag, maar die getroude is besorg oor die dinge van die wêreld, hoe hy die vrou sal behaag." 6) Dieselfde gedagte is reeds in die kern in Jesus se leer teenwoordig. 7)

Met sy standpunt dat die huwelik 'n genadegawe is om wie nie die gawe van selfbeheersing het nie teen sonde te bewaar, staan Paulus lynreg teenoor die latere Gnostisisme wat die huwelik as 'n instelling van Satan

---

1) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 187.
2) Sevenster, J.N.: Paulus <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 292.
3) I Kor. 7:5.
4) I Kor. 7:26. Vgl. ook I Kor. 7:40.
5) Luk. 23:29. Vgl. Matth. 24:19.
6) I Kor. 7:32-33. Vgl. ook vers 34.
7) Luk. 14:20.

beskou [1], wat glo dat die mens as geestelike wese die liggaam moet straf deur alle moontlike sondes te begaan [2] en wat deur promiskuïteit 'n mistieke eenheid met die godheid nagestreef het. [3] Dit skyn asof daar in die gemeente in Korinthe minstens 'n embrioniese vorm van Gnostiese denke aanwesig was. [4] Daar is ook geleerdes wat meen dat Paulus se teëstanders in die gemeente van Galásië Gnostiese tendense aan die dag gelê het. [5]

Die Gnostiese minagting vir die vrou is egter vreemd aan Paulus se leer. Die vrou het in die Christendom deurgaans 'n hoogstaande posisie beklee: Jesus se eerste verskyning ná sy opstanding was aan Maria Magdalena [6], vroue het saam met die dissipels om die uitstorting van die Heilige Gees gebid [7], een van Paulus se eerste bekeerlinge was Lídia, die purperverkoopster van Thiatíre [8] en in Thessalonika was onder die bekeerlinge 'n groot aantal van die aansienlikste vroue. [9] Boonop is in die jong gemeentes klaarblyklik van die dienste van vroue gebruik gemaak. [10] Paulus erken die vrou se groot invloed vir goed en vir kwaad: sy het as Eva haar laat verlei en sodoende ook die man van God vervreem, "maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid." [11]

Die vrou se seksualiteit is moontlikheid tot seën sowel as vloek; en in die gemeente sien Paulus die dubbele uitwerking wat dit kan hê: "Eer die weduwees wat waarlik weduwees is ... En sy wat waarlik weduwee is en alleen gelaat is, hoop op God en bly in smekinge en gebede nag en dag. Maar sy wat losbandig is, is lewendig dood." [12] Waar 'n vrou as opsiener of diaken gekies word, kan haar geslagtelikheid eweneens ontredderende gevolge hê en daar moet derhalwe streng gewaak word teen 'n verkeerde keuse: "Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het. Maar jy

---

1) Grant: Gnosticism, p. 32. Vgl. hierdie studie, p. 94-97.
2) Grant: Op. cit., p. 36.
3) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 205.
4) Ibid., p. 202-207. Vgl. Rom. 3:8; 6:1.
5) De Boer: The imitation of Paul, p. 188-189
6) Joh. 20:11-18.
7) Hand. 1:14.
8) Hand. 16:14.
9) Hand. 17:4.
10) I Tim. 5:1-16.
11) I Tim. 2:13-15.
12) I Tim. 5:3, 5-6.

moet die jong weduwees afwys; want wanneer hulle tot oneer van Christus wellustig word, wil hulle trou en kom onder 'n oordeel omdat hulle hul eerste geloof verwerp het." 1)

Paulus beeld die twee teenoorstaande moontlikhede wat die vrou se besondere aard inhou in 'n Philo-agtige allegorie uit: daar is die Hagar-tipe wat vir die slawerny kinders baar (die vrou wie se invloed die man weg van God en dus in sondeslawerny lei) en die Sara-tipe wie se seun 'n seun van wysheid en die belofte is. 2) Die vrou kan deur die besondere aard van haar seksualiteit ten kwade lewe, of sy kan in die huwelik haarself en haar man van ontugtigheid bewaar: "Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie." 3)

Samevattend kan Paulus se standpunt oor die huwelik kortliks gestel word: deur die sonde is die huwelik noodsaaklik om ontug te verhoed, maar aan die anderkant verhinder die huwelik die mens om hom van die tydelike belange los te maak en hom geheel aan die diens van God te wy. Slegs aan enkeles gee God die besondere genadegawe dat hulle nie hoef te trou nie en dat hulle hul dus aan die Here kan gee. Slegs waar dié genade geskenk is mag die huwelik ter wille van beter diens aan God nagelaat word. 4)

Die vraagstuk van die huwelik het daarmee vérstrekkende betekenis, nie veral vir die opbou van 'n aardse samelewing volgens die Joodse opvatting nie, maar vir die mens se ewige geluk en sy diens aan die koninkryk van God. Die huwelik moet 'n redmiddel wees, maar dit kan die mens van God vervreem. Ook hier is alles geoorloof, maar die gelowige moet die vryheid wat God hom ook met betrekking tot die huwelik geskenk het, bewaar. Hy moet waak dat hy die liefde vir 'n vrou nie bo die liefde vir Christus stel nie. 5) Ook die huwelik hou die gevaar in van 'n band te wees wat die mens van sy volle Christelike vryheid kan weerhou. Die huweliksvennote moet mekaar in hierdie lewe met 'n hartlike liefde bemin, 'n liefde soos wat Christus aan die gemeente betoon het, maar hulle mag hulle hart nie ten volle daarin laat opgaan nie: "Die tyd is kort; van nou af moet ook die wat vroue het, wees asof hulle nie het nie; en die wat ween, asof hulle nie ween nie; en die wat bly is, asof hulle nie bly

1) I Tim. 5:9-12.
2) Gal. 4:20-31.
3) I Tim. 5:14.
4) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 98.
5) Dijk: De vrouw in de brieven van den apostel Paulus, p. 40-41.

is nie; en die wat koop, asof hulle nie besit nie; en die wat hierdie wêreld gebruik, asof hulle dit nie ten volle gebruik nie; want die gedaante van hierdie wêreld gaan verby." [1])

Hierdie siening van die huweliksliefde in sy Godgegewendheid maar terselfdertyd sy gevaarlikheid en vervlietendheid is 'n totaal ander, 'n meer subtiel-gespanne opvatting as die jubeling om die ongekompliseerde geluk van die liggaamlike liefde soos dit in die Hooglied tot uiting kom. Met sy jenseitsinstelling spreek dit ook 'n heeltemal ander taal as die Griek wat in die huweliksliefde 'n bitter, verganklike geluk gevind [2]) of dit met Stoïsynse onaandoenlikheid geminag het. Vir Paulus is die huwelik die afskaduwing van die liefde van Christus, dit is 'n redmiddel wat God die mens gegee het, maar dit is altyd ondergeskik aan die mens se liefde vir Christus. Dit is deel van Paulus se opvatting dat die gelowige aan Christus gebonde is en dat hy daardeur teenoor alle dinge vry is. [3])

(c) Die kind en sy opvoeding.

Vir Israel was die kind 'n tasbare teken dat God sy verbondsbeloftes aan die volk nakom. Omdat die mens in vryheid vir God kan kies en sodoende die koms van die Messias moontlik maak, maar ook téén God kan kies, is opvoeding noodsaaklik en kry dit transendentele betekenis. Die kern van die opvoeding is daarom die Tora en die opvoedingsdoel is om vir God 'n toegeruste volk te berei. Die opvoeding moet die mens help om rigting te vind na God toe en is prinsipieel nooit afgehandel nie. Die Joodse opvoeding was so onbegrens en so subtiel soos die lewe self en het elke aspek van die lewe en trouens die hele lewe self in beslag geneem. Dit was 'n proses van gedurige verfyning van die mens se rigting na God. [4])

Jesus bou op hierdie opvatting voort, maar bring die gedagte na vore dat die koninkryk van God nie 'n aardse gelukstaat is nie, maar 'n ryk van liefde binne-in die mens. Hy verlê die klem in die opvoeding dus van die gehoorsaamheid aan uiterlike wette na gehoorsaamheid aan God se oproep tot liefde. Christus is self die leermeester van die liefde en skenk aan elkeen wat in Hom glo die vermoë om lief te hê, soos 'n fontein van lewende water. Jesus lê meer klem op die individu en sy persoonlike verantwoordelikheid as wat in Israel die geval was: God het nie net 'n verbonds<u>volk</u> nie, maar verbonds<u>kinders</u> en Hy roep hulle uit alle nasies. Daarom moet alle volkere dissipels gemaak word. In vergelyking met die belastende

---

1) I Kor. 7:29-31.
2) Vgl. hierdie studie, p. 153, nota 4.
3) Brillenburg Wurth: De Christelijke vrijheid, p. 108.
4) Vgl. hierdie studie, p. 201-202.

kasuïstiek van die Fariseërs stel Jesus die eis van kinderlike vertroue in God se goedheid, 'n vertroue wat verder reik as die intellek se bevatlikheid en wat die egtheid van die mens se toewyding vra. Die opvoeding het vir Jesus nie alleen direkte, aardse betekenis nie maar ook transendentele waarde: dit is een van die belangrikste middele waardeur die driehoeksverhouding God-mens-medemens tot stand moet kom. "Want ook deur mense kom Gods koninkryk: maar dan deur mense aan wie God Self die opdrag en die toerusting en die bystand van Sy Gees gee sodat hulle enkel funksioneer in volle gehoorsaamheid aan Sy stem ... Al wat hulle te doen staan, is om te sien dat die Koninkryk reeds aan die werk is, die hoop hierdeur vas op die toekoms te vestig maar die wanneer en die hoe volledig in die hande van die Vader te laat - en te weet dat hulle deur hierdie nabyheid van die Koninkryk reeds nou al voor 'n wesenlike beslissing gestel word, 'n beslissing vir of teen die Koning van die Koninkryk." [1])

Paulus bou die opvatting dat die opvoeding die uitbreiding van die Koninkryk moet bevorder, verder uit. [2]) Die hoofdoel van die opvoeding is kennis van die heilige Skrifte wat die mens "wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." [3]) Die doel wat die opvoeding moet nastreef, is om te kom tot "eenheid van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus." [4]) Die opvoeding bestaan daarin dat Christus in die mens gestalte moet kry.

Die gelowige moet vir God en Christus lewe [5]) sodat hy God behaag [6]), hy moet tot eer van God vrugte dra [7]) en God in sy liggaam en sy gees verheerlik. [8]) Alles wat Paulus hier noem, is kenmerke van die Koninkryk van God en "as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." [9]) Daarmee is die wedergeboorte van die mens in ruimere sin die hoofdoel van die opvoeding en God is self die ware opvoeder want slegs deur Hom kan die mens vir elke goeie werk volkome toegerus wees. In Christus het God Hom aan die mens geopenbaar: "Hy is die Beeld

---

1) Van der Walt, T.: Die koninkryk van God - naby! p. 318-319.
2) Bijlsma: Kleine catechetiek, p. 37.
3) II Tim. 3:15-17.
4) Efes. 4:13.
5) Rom. 14:8; II Kor. 5:15.
6) I Thess. 4:1.
7) Rom. 7:4.
8) I Kor. 6:20.
9) Joh. 3:3. Vgl. ook vers 5.

van die onsienlike God." [1]) Daarom kon Jesus sê: "Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie , want een is julle leermeester: Christus." [2]) Na Jesus se hemelvaart tree die Heilige Gees, die Trooster, as leermeester op om die wêreld te oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. [3]) Die Heilige Gees is in die huidige tyd die band tussen God en die mens [4]) sodat Christus die gelowige inderdaad nooit verlaat nie en dus nie net eenmaal lank gelede in Palestina nie maar blywend die leermeester is.

Vir die Joodse tradisie waaruit Paulus voortgekom het, is kennis méér as intellektuele begrip: dit is die saamleef met die leermeester en, omdat hy God se wet verkondig, met God. [5]) Paulus roep dan ook die gemeentes op om navolgers van God te wees soos geliefde kinders [6]) en om ook hóm na te volg soos hy die navolger van Christus is. [7])

Opvoeding is vir Paulus in wese navolging van Christus, en die menslike opvoeder, self 'n navolger van Christus, is die middel daartoe. Die apostel maak dus positiewe gebruik van sy eie voorbeeld om mense na 'n voller lewe in Christus te lei, en daarom deel hy hulle nie alleen die evangelie van God mee nie, maar ook sy eie lewe. [8]) "It was Paul's intention that people should learn Christianity through contact with him. He was conscious of the magnetic force of close personal relationships. He was intent upon capturing this force in service of his Lord ... He found the processes of imitation to be an essential part of his whole program of furthering the gospel. Christianity did not take hold in the lives of people merely by their being instructed and being told." [9])

Omdat hy deur sy navolging van Christus die beeld van God in homself versterk het, is die opvoeder die bemiddelende medium: in hom word die beeld van die onsienlike God in konkrete, menslike gestalte sigbaar. Maar die mens is skepsel en God is Skepper en dus wesenlik verskillend. Die navolging van God is dus nie 'n poging om God na te doen nie: dit beteken om deur Hom meegeneem te word. [10])

Die opvoeding is daarmee opvoeding tot beeldskap van God, en dit sluit die hele persoonlikheid in. Paulus gee aandag aan die rede, maar

---

1) Kolos. 1:15.
2) Matth. 23:10.
3) Joh. 16:7-8.
4) Hörnemann: Das Ende des Gesetzes, p. 127.
5) De Boer: The imitation of Paul, p. 15.
6) Efes. 5:1.
7) I Kor. 11:1. Vgl. I Thess. 1:6-7.
8) I Thess. 2:8.
9) De Boer: Op. cit., p. 153-154.
10) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het Koninkrijk Gods in de evangeliën in Waszink e.a.: Het oudste Christendom II, p. 205.

verwaarloos nie soos die Grieke die ander komponente van die persoonlikheid nie. [1]) Hiermee vermy hy die verarmende redebeheptheid wat in Hellas verdere geestelike groei aan bande gelê het. "Hij ziet in een mens <u>verstand</u>, het orgaan, waardoor de mens denkt en redeneert, ook het orgaan, dat gemeenschap tussen mensen mogelijk maakt. Maar hij ziet in de mens ook <u>geest</u>, dat is het ik, de persoonlijkheid. De geest is het centrum, het beginsel van het leven. In de wedergeboorte wordt hij veranderd door de Geest Gods tot een geheiligde geest. Die geest is het ook, die de gaven des Geestes ontvangt en zich daardoor kan openbaren." [2])

Die apostel besef dat die logiese rede nie 'n orgaan is wat gevoelig genoeg is om met God in kontak te tree nie. Sy leer is daarom nooit rasionalisties nie: "Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde ... en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God." [3]) Hy verkondig geen redegodsdiens nie, maar die ingryping van God wat die wysheid van die wêreld dwaas gemaak het en wat die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak. [4]) Tussen die wysheid van die mens en die wysheid van God is 'n breuk wat nie deur die rede oorbrug kan word nie want dit lê nie op dieselfde vlak nie. Hier relativeer Paulus dus weer die waarde van aardse instellinge sonder om die betekenis daarvan geheel te verwerp. Die rede is nie <u>verwerplik</u> nie maar dit is <u>onvoldoende</u> om God se plan mee te begryp. Die menslike rede is vir Paulus 'n orgaan van hierdie onvolkome wêreld en kan dus nie kennis van God se wysheid verskaf nie: dié word slegs deur God se Gees geopenbaar. [5]) Die Heilige Gees en nie die menslike rede nie bring kennis van hierdie wysheid. "De geestelijke mens heeft van en door de Geest ontvangen de gave om te onderzoeken. Dit onderzoek is een werkzaamheid van het (door de Geest geheiligde) verstand ... Er is een deelgenootschap met Christus (dus ook met Zijn verstand) en omdat Christus van God is, zijn ook wij van God, hebben we deel aan het verstand Gods." [6])

Omdat die rede alleen nie kennis van God kan verskaf nie, moet dwase

---

1) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 146-147.
2) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 169.
3) I Kor. 2:2-5.
4) I Kor. 1:19.
5) I Kor. 2:6-7, 10.
6) Grosheide: Op. cit., p. 37.

strydvrae vermy word [1] want drogredes kan die gemeente verlei. [2] Paulus waarsku uitdruklik teen die gevaar wat die wysbegeerte inhou omdat dit menslik en dus onvolmaak is: "Pasop dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie." [3] Die wysheid van die rede word gerelativeer tot dwaasheid as dit teenoor God se wysheid gestel word: "Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang; en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is." [4]

Die verstand is onvrugbaar [5] en ware kennis is dus vir Paulus nooit louter intellektuele begrip nie maar sluit ook erkenning in. [6] Ware kennis kom alleen deur die liefde van God vir die mens: dit word hom vryelik in genade geskenk. "As iemand meen dat hy enige kennis het, weet hy nog niks soos 'n mens behoort te weet nie. Maar as iemand God liefhet, dié word deur Hom geken." [7] Nie die <u>rede</u> nie maar <u>liefde</u> is die weg tot ware kennis: "En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei ..." [8] Die mens kan God in hierdie lewe nooit werklik ken nie: hy sien nou deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. [9] Die noue band tussen liefde en kennis spreek verder daaruit dat Paulus, wie se woorde gewoonlik deur bedaarde oorwoënheid gekenmerk word, twee klinkende lofliedere skryf, één oor die uitnemendheid van die liefde [10] en één oor die wysheid: "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge." [11]

---

1) II Tim. 2:23; Tit. 3:9.
2) Kolos. 2:4.
3) Kolos. 2:8.
4) I Kor. 3:18-20.
5) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 169.
6) Grosheide: Paulus' tweede brief aan de kerk te Korinthe, p. 140.
7) I Kor. 8:2-3.
8) Filip. 1:9-10.
9) I Kor. 13:12.
10) I Kor. 13:1-13.
11) Rom. 11:33-36.

Die Christen is geroep tot vryheid [1]) en hy moet homself bewaar van die oorheersing van die rede want daardeur kan hy van Christus geskei word. Bo die logiese denke gaan die ware kennis van God, en dié is alleen deur die liefde van God bereikbaar.

Opvoeding moet volgens Paulus dus opvoeding tot oopstelling vir Christus se liefde wees. Die geloof wat met liefde en kennis saamgaan, is nie die deel van almal nie. [2]) Die kennis van God is 'n gawe van God, bó die mens se vermoë om self met sy rede te gryp, maar dit sluit nie die mens se aandeel daarin uit nie. Die mens is naamlik geskape met die vryheid om ook téén God en sy liefde en sy kennis te kies; hy kan vervreemd wees van die lewe van God deur die onkunde wat in hom is vanweë die verharding van sy hart; hy kan ongevoelig word en hom oorgee aan die gebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe. [3])

Die Christen moet vry wees, en vryheid bestaan geheel daarin om met Christus verbonde te wees want vryheid is net daar waar die Gees werk wat onmiddellik en onskeibaar verbonde is met die hele heilswerk van God in Christus. [4]) Die gelowige moet stry om nie sy vryheid te verloor nie. Omdat die mens in Christus vry is, is opvoeding moontlik, en omdat Christus die bron van vryheid is, is opvoeding opvoeding tot Christus en die navolging van Christus. Dit eis van die mens 'n versaking van sy natuurlike neiginge, want die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig [5]), dit wil sê hulle het die houvas wat dit oor hulle gehad het, verbreek, en nou moet hulle stry sodat hulle nie weer daaraan verslaaf raak nie. Ondanks sy wilspessimisme, wat daarin bestaan dat die mens Christus kan verlaat en daardeur sy vryheid verloor en dan nie doen soos hy wil nie, maar wat hy haat [6]), is verantwoordelikheid en dus opvoedingsmoontlikheid hoegenaamd nie uitgesluit nie: elkeen sal vir homself aan God rekenskap gee. [7]) Die gelowige kán met ander woorde verhinder dat hy van Christus en sy vryheid afstand doen waardeur hy later in 'n posisie beland waarin hy teen die sonde magteloos sal wees.

Die evangelie is in wese pedagogies en Paulus se belangrikste roeping is dan ook om mense van Christus te leer [8]), wat moontlik nie slegs in

---

1) Gal. 5:1, 13.
2) II Thess. 3:2.
3) Efes. 4:18-19.
4) Sevenster, J.N.: Paulus <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom II, p. 289.
5) Gal. 5:24.
6) Rom. 7:15.
7) Rom. 14:12.
8) Hand. 11:26; 18:11; 19:8. Vgl. Reu, M.: Cathecetics, p. 22.

die prediking van die evangelie bestaan het nie maar ook daarin dat hy die grondliggende begrippe waarop die evangelie berus, aan die heidene moes tuisbring. Hieraan het verskeie persone meegedoen wat nie profete of apostels was nie. [1]

Omdat Christus die Here is van almal [2], wil Hy hê dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom. [3] Die opvoeding moet dus vir almal wees. Daarom word Paulus deur die Gees na die heidene gestuur [4] en word hy vir die Jode soos 'n Jood om die Jode te win en vir dié wat sonder die wet is, soos een sonder die wet. [5] Hy spreek met ander woorde elke mens in sy besondere omstandighede aan en in die taal en ooreenkomstig die denk- en leefwyse wat hy sal verstaan. Sy werk is daarmee slegs 'n voortsetting van die eerste werking van die Heilige Gees. [6] So spreek hy met die gemeente van Korinthe soos met klein kindertjies in Christus en voed hy hulle met melk, nie met vaste spyse nie, want hulle is nog nie daartoe in staat nie. [7] Self 'n kind van die groot stad, predik hy die evangelie aan die stadsmens en gebruik daarby die beeldspraak van die stad: die sportstadion [8], die leër [9], slawerny [10], die regspraak [11], die teater [12], handel [13], die gesinslewe [14], die huwelik [15], bouwerk [16], handwerk [17] en skeepvaart. [18]

Omdat die opvoeder die beeld van God verteenwoordig en die roeping het om die kind na Christus te lei, is sy optrede deurstraal van gesag. Daarom moet kinders hulle ouers gehoorsaam wees in die Here [19], iemand wat na 'n opsienersamp verlang, moet sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou [20], hy moet gelowige

---

1) Hand. 13:1; I Kor. 12:28-30.
2) Rom. 10:12.
3) Dit vorm 'n belangrike afwyking van die opvatting van sommige Fariseërs en lei tot 'n "demokratisering" van die opvoeding.
4) Hand. 13:2-4.
5) I Kor. 9:20-21.
6) Vgl. Hand. 2:6-11.
7) I Kor. 3:1-2.
8) I Kor. 9:24-27; II Tim. 4:7.
9) I Thess. 5:8; Efes. 6:10-18; II Tim. 2:3-4.
10) I Kor. 7:23.
11) Rom. 3:24; 8:2.
12) I Kor. 4:9.
13) II Kor. 2:17; 5:5.
14) I Thess. 5:3.
15) II Kor. 11:2; Efes. 5:22-25.
16) I Kor. 3:10-15.
17) Rom. 9:21-23; II Kor. 5:1-3.
18) I Tim. 1:19; Efes. 4:14.
19) Efes. 6:1.
20) I Tim. 3:4.

kinders hê wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie. [1]) Vir die kind lê die klem op gehoorsaamheid want God is self die leermeester, maar die kind se persoonlikheid moet ook eerbiedig word: die vaders moet hulle kinders nie vertoorn nie, maar hulle in die tug en vermaning van die Here opvoed. [2]) Liefde moet ook van die opvoeding 'n kenmerk wees [3]) want die opvoeding moet immers na Christus lei, en die weg na Hom is liefde.

As praktiese handleiding vir 'n goeie lewe stel Paulus lyste van deugde [4]) sowel as van sondes op. [5]) Sulke lyste is reeds deur die Stoa saamgestel en was lank reeds by die Hellenistiese Jode bekend. Dit is dus moontlik dat Paulus daarvan gebruik gemaak het. Hy sien egter die aardse samelewing wat deur opvoeding en etiek gereël moet word, bloot as 'n voorafskaduwing van die Godsryk. Daarom kry die opvoeding 'n ewigheidsprojeksie en kan hy ál die konkrete aanwysings vir 'n goeie lewe in één universele sedelike voorskrif saamvat: "Dra mekaar se laste en vervul só die wet van Christus." [6]) Elders haal hy Jesus se opsomming van die wet aan: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" [7]), want liefde is die vervulling van die wet. Vir die Christen, anders as die Griek, is dit nie mensewette wat sy lewe reël nie maar bevele wat Christus deur Paulus hom gegee het. [8])

Samevattend kan gestel word dat Paulus hom pertinent en in besonderhede oor die opvoeding uitgespreek het. Dit moet die aardse doel van die mens se heiligmaking dien [9]) en 'n samelewing tot stand bring wat op die grondslag van liefde berus; maar die hoofdoel is om die mens gehoorsaam aan God en gevoelig vir Christus se liefde te maak, waardeur hy kennis van God kan verkry. Dan word die lewe vir hom Christus en die sterwe wins [10]), want hy weet dat sy verlosser leef en ook vir hóm die dood oorwin het. [11]) Dít is die diepste wysheid, en dit is net deur die geloof in Christus bereikbaar.

Soos in die ander opvattinge van Paulus, staan ook die opvoeding

---

1) Tit. 1:6.
2) Efes. 6:4; Kolos. 3:21.
3) I Thess. 2:11; I Kor. 4:14.
4) Soos in Rom. 12:9-21; I Thess. 5:14-22; Kolos. 3:12-25; Efes. 4:17-32; 5:1-33; 6:1-18.
5) Soos byvoorbeeld Rom. 1:28-32; Gal. 5:19-21.
6) Gal. 6:2.
7) Gal. 5:14; Rom. 13:9.
8) I Thess. 4:2.
9) I Thess. 4:3.
10) Filip. 1:21.
11) I Kor. 15:55-57.

veral in diens van die jenseits. Die ware opvoeder is die Heilige Gees, wat as verbinding tussen God en mens bo alles die gawe van die liefde gee.[1)]

(d) Die held as beliggaming van die waardevolle.

By Israel en Jesus gaan dit om God, nie om die mens nie. God is die totaal-anderse en die menslike held het alleen betekenis omdat dit God is wat deur hom handel. Anders as Hellas ken Israel die gedagte dat God dikwels die mins-geskikte, die swakke, uitsoek om as werktuig te gebruik. [2)] Heldeverering en -navolging het dus geen plek in Israel se beskouinge nie. Elke mens moet sy unieke weg na God vind en mág dus niemand navolg nie. Om 'n held te vereer ter wille van die besondere openbaring wat God in hom gegee het, sou tewens 'n aantasting van God se majesteit wees deur één aspek van die dinamiese God in 'n beeld vas te lê en so die geheel van God, die onkenbare en onafbeeldbare, te skend. Israel moet in God se weë wandel, maar dit behels nie nabootsing van God nie: dit beteken om die weë te volg wat God vir Israel bepaal het en dit hou verband met sy gebooie. Solank die volk so met God wandel, het hy kontak met God en gaan God met hom saam. [3)] God is die transendentele, die skepper van hemel en aarde, groter as die grootste, magtiger as die magtigste. Teenoor Hom is die mens klein en magteloos, 'n nietige skepsel wat nooit die Skepper kan naboots nie. [4)]

Jesus bou sonder onderbreking op die tradisionele sienswyse voort, en waar Hy 'n mens as voorbeeld stel, is dit nie 'n heldefiguur nie maar 'n sondares of 'n klein kindjie wat die reseptiewe illustreer, die luister van die gehoorsame kind na God se stem, die oorgawe in geloof aan God. Jesus verkondig die Vader [5)], nie Homself nie. Hy roep wel op tot deelname aan sy leefwyse en sy lyding [6)], en in die Johannes-evangelie, wat die mees-Griekse is, roep Hy pertinent tot nabootsing van sy voorbeeld op: soos Hy die dissipels se voete gewas het, moet hulle mekaar ook dien. [7)] Die lewende eenheid tussen Jesus en sy dissipels kan nie anders as om 'n mate van nabootsing tot gevolg te hê nie.

In Paulus se sendbriewe, gerig aan die gemeentes in die Diaspora waar die Griekse invloed en dus ook die gedagte aan heldenavolging sterk

---

1) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 158.
2) Vgl. hierdie studie, p. 232.
3) Deut. 5:33; 13:5; 28:9; I Kon. 2:3.
4) De Boer: The imitation of Paul, p. 34, 41.
5) Matth. 5:48.
6) Luk. 9:58; Mark. 8:34-35; Joh. 12:25-26. Vgl. De Boer: Op. cit., p. 53.
7) Joh. 13:12-15.

moes gewees het, word die idee van navolging van 'n konkrete voorbeeld pertinent genoem.

Dit beteken natuurlik nie dat Paulus die Griekse opvatting van 'n halfgoddelike, halfmenslike held huldig nie. God is alles, maar Hy het Homself in die persoon van Christus in menslike gestalte geopenbaar. In Christus het die onafbeeldbare God gestalte gekry, en daarom kan Paulus die gelowiges oproep om God na te volg deur navolging van Christus. [1]) Hierdie siening is nie 'n breuk met die Ou Testament nie, maar 'n voortbou daarop in 'n nuwe dimensie. In Christus - God Self en nogtans mens - word God se weg sigbaar. Jesus is self die weg wat gevolg moet word, nie deur Hom na te boots nie, maar deur te volg op die weg wat Hy vir elke gelowige aandui.

Omdat meeste mense Christus nie in die persoon geken het nie maar deur bemiddeling van Paulus se prediking, stel Paulus homself as konkrete voorbeeld wat deur die gemeente nagevolg moet word. [2]) Slegs wanneer die opvoeder met inset van sy hele persoonlikheid Christus navolg, word hy self navolgenswaardig en lei hy deur sy konkrete voorbeeld mense op die weg van Christus. [3]) Weer gaan dit egter nie om die mens nie, maar om God; nêrens stel Paulus 'n persoon wat ter wille van die geloof 'n martelaar was, soos byvoorbeeld Stéfanus, as voorbeeld nie: "Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur." [4])

Waar die gelowiges navolgers van Christus geword het, is hulle ook navolgers van die Here en daardeur is hulle voorbeelde vir ander. [5]) Dit is derhalwe nie 'n menslike held, selfs 'n geloofsheld, wat nagevolg word nie, maar Christus en deur Hom God self. [6])

Vir die Jood, wat Jesus as profeet kan aanneem maar sy inkarnasie en die postulaat van sy sesuurskap in die geskiedenis verwerp [7]), is hierdie oproep tot navolging van Christus onaanvaarbaar. Vir wie Hom nie as die geïnkarneerde Seun van God aanneem nie, is dit ondenkbaar dat God, die onafbeeldbare, in die persoon van Christus gevolg kan word. [8]) Dit hang

---

1) De Boer: The imitation of Paul, p. 80.
2) I Kor. 11:1; II Thess. 3:7-9; II Tim. 1:13.
3) Rom. 2:19-23.
4) Efes. 5:1-2.
5) I Thess. 1:6-7.
6) Filip. 2:5. Vgl. Ridderbos: Paulus en Jezus, p. 100.
7) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 133.
8) Ibid., p. 134-135.

... die Stunde der Auferstehung Christi." )
Volgens Israel gaan die geskiedenis die heilstyd tegemoet, volgens Paulus het dit met Christus reeds aangebreek. Daarmee kry die geskiedenis vir

---

1) Filson: The New Testament against its environment, p. 43.
2) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 132-133.
3) Ibid., p. 139-140.
4) Adolf: Paulus, p. 40.

saam met die groter klem wat die Christendom op die enkeling en sy verantwoordelikheid lê, waardeur die gemeenskap as geheel sy bloedverbondenheid verloor. "De individuele religiositeit ontvangt daardoor een tot dusver ongekende intensiteit en innerlijkheid, vooral omdat het steeds tegenwoordig zijnde beeld van Christus een aanmerkelijk concretere navolging en nabootsing van de enkeling veroorlooft dan de beeldloze zijnswijze van de God Israëls, die een Zich openbarende maar niet minder een Zich verbergende God is ... Jegens deze Zich in geen gestalte vastleggende, Zich uit ieder manifestatie weer terugtrekkende God zouden de voor het christendom gewonnen volkeren, die niet, gelijk Israël, als bondsvolk tot Hem stonden, ook zeker niet zonder middelaar in betrekking hebben kunnen treden." 1)

Die navolging van Christus waartoe Paulus oproep, stel die weg van God in 'n konkrete wyse voor wat ook vir die Griek met sy visuele ingesteldheid begryplik is. Enersyds bly Paulus daarmee verbonde aan die tradisie van sy volk wat nie die navolging van 'n aardse held erken nie maar wat van die mens 'n meegaan met God eis. Tussen Christus en die gelowige is daar voorts ook 'n organies-mistieke eenheid waarin die gelowige in Hom is en Hy in die gelowige. Paulus wys egter pertinent daarop dat God, die onkenbare, Hom deur sy Seun in menslike gestalte kenbaar gemaak het. Die navolging van Jesus se konkrete voorbeeld waartoe Paulus oproep, maak dit makliker om die evangelie by die heidenvolkere inslag te laat vind.

Vir die opvoeding, wat in so 'n hoë mate van die navolging van 'n voorbeeld afhanklik is, het die inkarnasie van Christus in wie die onkenbare God kenbaar en navolgbaar geword het, die grootste betekenis.

(3) Die geskiedenis.

Hellas se geskiedenisbeskouing is 'n analogie van die sikliese, altyd-herhalende natuurgebeure; volgens Israel is die geskiedenis 'n manifestasie van God se weë met die wêreld. Vir die Griek is die geskiedenis 'n sinlose reeks kringlope, onderhewig aan die ingryping van die wispelturige noodlot; vir Israel is dit heilsgeskiedenis, die ontvouing van God se plan, 'n eenmalige, doelgerigte gebeure, 'n liniêre ontwikkeling wat strek van die skepping, oor die sondeval na die verlossing, 'n samespel van God en mens waarin Israel as bondsvolk 'n onmisbare aandeel het en ook die heil van die gojim bewerk. Vir Hellas is die geskiedenis as eindelose herhaling van die verlede sinloos; vir Israel het dit

---

1) Buber: Godsverduistering, p. 118-119.

2) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 132-133.
3) Ibid., p. 139-140.
4) Adolf: Paulus, p. 40.

die hoogste sin omdat dit na 'n eschatologiese toekoms voer.

Jesus huldig die Joodse geskiedenisbeskouing, maar verlê die voltooiing van die Godsplan na die geestelike vlak. In plaas van die verwagte politieke utopie sal die koninkryk van God, hoewel dit reeds op aarde 'n aanvang neem, eers in die hiernamaals tot volle ontplooiing kom.

Die vroeë Christendom bring met sy uitgangspunt van die opstanding van Jesus 'n geheel nuwe element in die geskiedenisbeskouing. Vreemd aan die Griekse gedagte van die eindelose kringloop, gee dit ook aan die Ou Testament 'n nuwe voleindiging en 'n interpretasie wat die Judaïsme nie kon aanvaar nie. [1]) Die Joodse siening is dat die breuk wat deur die sondeval tussen God en mens ontstaan het, deur die Messias geheel sal word, maar eers nadat die mens, en veral Israel, deur inkeer sy koms voorberei het. Dat Jesus die beloofde Messias is, is die hoeksteen van die Christelike leer. Die besef van sy Messiasskap is reeds deel van Jesus se leer, maar dit word veral ná sy opstanding die kern en die krag van die apostels se verkondiging, ook aan die heidene, vir wie dit 'n byna onaanneemlike leerstelling moes gewees het.

Omdat Israel met sy eenheidsopvatting die enkeling nie los van die gemeenskap en die aarde as geheel kon sien nie en omdat die huidige wêreld onmiskenbaar nie 'n verloste wêreld is nie, kan hy Jesus nie as die Messias, as die tweede breuk in die geskiedenis deur wie die sondeval sonder menslike bydrae herstel word, aanvaar nie. [2]) Vir die Christen is die verlossing 'n gebeurtenis wat wel die geskiedenis transendeer maar wat tog op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis plaasgevind het. Daarom het die geskiedenis vir hom 'n sesuur, 'n middelpunt: met Jesus se opstanding het die beslissende gebeur. Vir Israel is die verlossing nog alleen 'n verwagting, die geskiedenis neem sy loop en streef sonder middelpunt na sy einde. [3])

In navolging van Paulus se opvatting is vir die Christen "das Heil ... nicht lediglich zukünftig, es ist ihm auch schon gegenwärtig, und den Anfang der neuen Zeit, der neuen Welt, der Weltzeit des Heils, verlegt er in die Vergangenheit: in die Stunde der Auferstehung Christi." [4]) Volgens Israel gaan die geskiedenis die heilstyd tegemoet, volgens Paulus het dit met Christus reeds aangebreek. Daarmee kry die geskiedenis vir

---

1) Filson: The New Testament against its environment, p. 43.

2) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 132-133.

3) Ibid., p. 139-140.

4) Adolf: Paulus, p. 40.

die Christen 'n heeltemal ander betekenis: Christus is die einde van die geskiedenis en tegelyk sy begin. [1] Sy opstanding lei naamlik 'n nuwe tydvak in die heilsgeskiedenis in [2]: met Hom het die koninkryk van God op aarde reeds 'n aanvang geneem. Vanuit die sekerheid van die heil wat reeds aangebreek het, kan vooruitgesien word na die volle heil wat kom. Die grondlyne van God se heilsplan het in Jesus onmiskenbaar duidelik geword, maar die plan is nog nie voltooi nie. Wêreld en mens lewe in die interim tussen Christus se eerste en tweede koms. Daarmee het die koninkryk van God reeds gekom, maar nog nie ten volle nie. [3] Prinsipieel is die kosmos reeds aan die heerskappy van die demoniese magte ontruk, maar die Koninkryk dra nog die stempel van voorlopige en gedeeltelike verlossing. In Paulus se verkondiging klink steeds die spanning tussen die sekerheid van die heil wat reeds gekom het en die vurige verwagting van wat nog moet gebeur. [4] Uit hoofde van die sonde is die hele wêreld voor God doemwaardig. [5] Voordat die Koninkryk in sy volheid aanbreek, moet daar nog 'n kosmiese verlossingstryd teen die kwaad gevoer word waarin nie slegs die mens in sy sonde en verlorenheid nie, maar hemel en aarde, engele en demone betrokke is en waarvan die groot doel is om die hele geskape kosmos weer onder God se heerskappy terug te bring. [6] Die tyd tussen Christus se eerste en tweede koms is die tydvak van hierdie verlossingstryd waarin alle Godvyandige gesag en mag eers deur Hom vernietig moet word. [7] Die heersers van hierdie wêreld weerstaan God. [8] Satan het mag oor die mens [9] want hy is nog god van hierdie wêreld [10] en die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. [11] "The time of the Church is the time in which God has begun his decisive redemption but has not yet fully completed it. This time must move forward under the Lordship of Christ until the day when Christ completes his work ... Christ's present working gives real meaning to the present period of time, just as the preparatory working which led up to his earthly career gave actuality to time ..." [12]

---

1) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 104.
2) Ridderbos: Paulus en Jezus, p. 67-68.
3) Sevenster, J.N.: Paulus <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 273.
4) Ridderbos: Op. cit., p. 70. Vgl. Van der Walt: Die Koninkryk, p.174,309.
5) Rom. 3:19.
6) Ridderbos: Op. cit., p. 79.
7) I Kor. 15:24.
8) I Kor. 2:6-8.
9) I Kor. 7:5; II Kor. 2:10-11; 11:14; Efes. 4:27; I Thess. 2:18.
10) II Kor. 4:4.
11) I Kor. 15:26.
12) Filson: The New Testament against its environment, p. 67.

Vir Paulus is die geskiedenis God- en Christosentries: dit is die verhaal van God se ingryping; dit is die medium waardeur God Hom openbaar. [1]) In vergelyking met die Joodse geskiedenisbeskouing is hier 'n belangrike klemverskuiwing van die mens se aandeel na God se werking. Vir die Jood is die geskiedenis veral die toneel van die mens se inkeer waardeur die koms van die Messias voorberei word; vir die Christen is die tydvak tussen die eerste en tweede koms van Christus die geskiedenis van God se ingryping en oorwinning oor die kwaad. [2]) Die werklike geskiedenis van die mensheid is dus vir die Christen nie die verhaal van politieke gebeure nie. [3])

Die verlegging van die klem van mens na God beteken nie dat die mens daadloos toekyk en aan dié kosmiese stryd nie deel het nie. Dit is egter 'n stryd nie teen konkrete mag nie, maar teen die kwaad self: "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldoorheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly." [4]) Die mens moet tot inkeer kom en hom tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas. [5])

Sonder Christus sou die mens die stryd teen die sonde nie kon voer nie want hy is verkoop onder die sonde en magteloos teen die kwaad. Dit is nie 'n eenvoudige stryd teen 'n objektiewe vyand nie, maar teen die kwaad wat subtiel sy eie wese deurdring en hom van binne af verlam: "Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek." [6]) Deur Christus is die mag van die kwaad egter prinsipieel reeds oorwin, sodat daar niks is wat die gelowige kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie. [7]) In Christus is die gelowige reeds oorwinnaar oor die kwaad. God het Jesus uit die dode opgewek "sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is." [8]) "Zo is de situatie van de wereld grondig veranderd. Het is niet meer een wereld, die reddeloos is prijsgegeven aan de boze machten, die overspoeld dreigt te worden door de chaos, de verwarring, het verderf. Reeds nu

---

1) Filson: The New Testament, p. 50. Vgl. Löwith: Wereldgeschiedenis,p.172.
2) II Kor. 5:18-19.
3) Aron: De zin der geschiedenis, p. 34.
4) Efes. 6:12-13.
5) Hand. 26:20.
6) Rom. 7:15.
7) Rom. 8:38-39; Efes. 1:19-22.
8) Filip. 2:10. Vgl. Kolos. 2:15.

komt de heerlijkheid van een wereld, waarin Christus triomfeert en die daarom naar Gods heilsorde geordend is aan de dag." 1)

Die kwaad werk egter nog voort in die wêreld en verblind die ongelowiges vir die waarheid. 2) Dit doen sy uiterste om die uitbreiding van Christus se koninkryk, wat liefde is, te verhinder. Die gelowige leef in 'n nog onverloste wêreld wat aan nietigheid onderworpe is en met reikhalsende verlange wag op sy vrymaking van die slawerny van verganklikheid. 3) Deur Christus is die vyandelike magte gedoem tot ondergang en kan die gelowige seker wees oor die afloop van die eindstryd. "Maar die eindstrijd is nog niet gestreden, daarom is die overwinning nog niet zichtbaar behaald, daarom zijn de vijandige machten nog niet volstrekt ongevaarlijk geworden ... Uit de situatie van de wereld blijkt, dat het centrale heilsgebeuren reeds nu heeft plaats gehad, maar dat het volle, definitieve laatste heil nog niet is gekomen." 4)

Die eindstryd in die geskiedenis is 'n parallel van wat Christus in die lewe van die enkeling en die gemeente werk. Die gelowige bly 'n sondaar wat van Christus se geregtigheid lewe, nie van sy eie nie, en hy is elke uur in gevaar. 5) "Maar tegelijk is er een zeer werkelijke, doch ook zeer aangevochten en onderbroken heiliging van zijn leven. Die heiliging roept ons weg uit de rust van het heidendom. Maar ze maakt geen heiligen van ons. Ze stelt ons leven in de teken van de strijd. Want de heiliging roept juist de tegenstand van het vlees op, maar wordt door het vlees nooit geheel overwonnen." 6)

Vóór die eindoorwinning deur Christus sal die kwaad so sterk toeneem dat dit oënskynlik die oorwinning sal behaal: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is." 7) Van die moderne vooruitgangsgeloof is hier geen sprake nie. Die Christendom verwag nie positiewe tekens van Christus se koms in die vorm van 'n gelukkiger wêreldsamelewing nie. Nogtans is dit maar 'n <u>skynbare</u> kultuurpessi-

---

1) Sevenster, J.N.: Paulus <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom II, p. 275.
2) II Kor. 4:3-4.
3) Rom. 8:19-22.
4) Sevenster: Op. cit., p. 276.
5) I Kor. 15:30.
6) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 169.
7) II Thess. 2:3-4. Vgl. Van der Meulen, R.J.: Veractualisering van de Antichrist <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p. 72. Vgl. ook II Tim. 3:1-9.

misme. "Juist omdat alles zo bedreigd is, is er reden tot grote verwondering. Dat wij op de rand van de vulkaan toch nog maar steeds léven ... is een geweldig wonder, dat alleen kan worden verstaan en gevierd in het licht van Christus' reeds werkzame overwinning. Niet dat een Christusloze of zelfs antichristelijke autonomie en ideologie steeds weer het leven desintegrerend doordringen, moet ons verbazen. Maar dat deze machten telkens weer worden begrensd, weerhouden, gekeerd of omgezet door de positieve tekenen van Christus' heerschappij in de wereld, dat is een geweldig feit, dat ons met steeds nieuwe dankbaarheid en verwondering moet vervullen en dat ons de kracht geeft om zonder vrees en met de verwachting nieuwe tekenen te zullen zien de toekomst doet ingaan." 1)

Volgens Paulus se siening van die geskiedenis loop vanaf die begin van die skepping, oor die sondeval, oor Israel se uitverkiesing en Jesus se dood en opstanding die ononderbroke lyn van God se heilshandeling; dit loop deur die huidige tyd van verhewigde stryd tussen goed en kwaad na die uiteindelike verlossing by die wederkoms van Christus. Daardeur kry die geskiedenis nie alleen 'n transendentele sin nie maar ook 'n ewigheidsverlenging want die volkome Godsryk sal nie hier op aarde wees soos Israel verwag het nie: dit sal 'n ewige ryk wees wat uit 'n lewe van liefde en gehoorsaamheid aan God bestaan. En liefde is die sleutel tot kennis van God en vergaan nimmermeer. 2)

Paulus verwag die wederkoms van Christus in die nabye toekoms. In die vroegste sendbriewe stel hy dit in vooruitsig dat dit nog in sy eie lewe sal gebeur 3), later nie meer nie. 4) Die wêreld gaan nietemin na sy einde, die geskiedenis is byna voltooi. Daarom is die gedagte van sosiale hervorming en kultuurvooruitgang nie belangrik nie. "Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus." 5) Net twee dinge is in hierdie eindtyd van allesoorwegende belang: versoening met God en volharding in 'n lewe wat aan Christus toegewy is. 6) Albei is slegs deur die liefde van Christus moontlik en deur Hom sluit die aardse geskiedenis sonder breuk aan by die hemelse voortbestaan.

---

1) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 166.
2) I Kor. 13:8,13.
3) I Thess. 4:15.
4) II Tim. 4:6-18.
5) Filip. 3:13-14.
6) I Thess. 5:1-11. Vgl. Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 238.

likheid van die mens se arbeid en goeie werke op nie, maar hy lê dit in 'n

---

1) Efes. 2:8-9.
2) Rom. 3:20, 27-28; Gal. 3:2, 10.
3) Rom. 11:35.
4) II Tim. 1:9; Tit. 3:5.

Die gedagte dat die geskiedenis nie deur 'n aardse utopie nie maar deur 'n hemelse en ewige Godsryk voltooi sal word, is in sekere sin 'n verlenging van die Joodse opvatting maar verskil nogtans aansienlik daarvan. Opvoedkundig gesien mis dit die aansporing wat die Joodse etiek gebied het met sy opvatting dat die mens deur sy dade die Messias se koms kan voorberei: in Paulus se opvatting is die voltooiing van die geskiedenis God se werk, hoewel dit nie die mens se stryd teen die kwaad oorbodig maak nie. Weer is daar nie sprake van 'n sluitende filosofiese skema nie. Aan die anderkant gee Paulus se siening 'n positiewe betekenis aan die verval en lyding van die laaste dae en verhinder dit dat die mens op grond van die skynbare mislukking van die magte van die goeie sal meen dat die kwaad oorwin het en dat "God dood is." Vir die Christen lê die sin van die geskiedenis naamlik nie op aardse vlak en in stoflike voorspoed nie. "Soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie." 1)

Soos in al sy opvattinge wat gebou is op die fundamentele gedagte van die verskuiwing van die klem van mens en aarde na God en hemel, bied Paulus met sy siening van die geskiedenis 'n edeler en subtieler opvatting as Israel, maar een wat moeiliker is om te begryp en wat derhalwe aan die opvoeding hoër eise stel.

(4) Arbeid.

Met sy gees-materie dualisme het Hellas alle arbeid behalwe suiwer geestelike bemoeiing as mens-onwaardig beskou. Israel sien daarteenoor mens en aarde as één en ken dus nie die Griekse minagting vir arbeid met dinge nie. Israel se God is verder 'n dinamiese, werkende God wie se skeppingsdade nog voortgaan, en op grond van sy beeldskap van God moet die mens meewerk om die skepping te voltooi deur ook met sy arbeid die weg van die Messias voor te berei. Huwelik en arbeid is volgens die Joodse siening deur God uit die Eden-katastrofe gered en as genademiddele gebruik om sy plan met die mens en die wêreld uiteindelik tog deur te voer. So bestaan daar vir Israel 'n noue band tussen liefde en arbeid.

Op hierdie gedagte bou Jesus voort, maar Hy suiwer die Joodse arbeidsbeskouing van die kontraktuele en die oorwaardering van die materiële wat dit gaandeweg begin aankleef het. Hy wys pertinent daarop dat nie die mens se werk nie, maar slegs God se genade hom kan red. Hy stel die mens nie vry van die eis van arbeid nie, maar wys daarop dat arbeid 'n uitvloeisel van liefde moet wees: arbeid is daadwerklike liefde. Ooreenkomstig die

1) Kolos. 3:1-2.

... van die mens se arbeid en goeie werke op nie, maar hy lê dit in 'n

1) Efes. 2:8-9.
2) Rom. 3:20, 27-28; Gal. 3:2, 10.
3) Rom. 11:35.
4) II Tim. 1:9; Tit. 3:5.

liefdesgebod moet die mens hom dus ook in sy arbeid met sy volle persoonlikheid inset en nederige en onbaatsugtige diens aan sy medemens lewer. Die mens se arbeid spruit volgens Jesus nie uit homself nie en die mens kan dit dus nie gebruik om seëninge van God af te ding nie: slegs deur God se liefde word die mens se arbeid moontlik gemaak.

Paulus bou die implikasies van Jesus se standpunt uit, wat prinsipieel dieselfde is as dié van die Ou Testament. Weens die verwording van die religie in dié tyd het Israel se arbeidsopvatting egter 'n kontraktuele aspek gekry asof die volk deur sy arbeidsprestasie God se seën kan afdwing. Verder verlê Jesus en Paulus die Messiasryk na die jenseits waar die arbeid van mensehande dit dus nie moontlik kan maak of belemmer nie. Jesus, en pertinent Paulus, verskuif die klem van die mens na God, en daardeur word vanselfsprekend ook die betekenis van die mens se arbeid gerelativeer.

Hierdie siening het daartoe gelei dat Paulus se opvattinge oor arbeid misverstaan is, selfs deur vooraanstaande Joodse teoloë van die huidige tyd en dat beweer word dat Paulus 'n daadlose aanvaarding van God se verlossing deur Christus verkondig, waardeur die nodigheid van die mens se arbeid sou verval. Vir die opvoeding het so 'n opvatting vanselfsprekend uiters nadelige gevolge aangesien dit die daadwerklike uitlewe van etiese beginsels verlam. Dit sal dus noodsaaklik wees om in hierdie studie aan hierdie aspek van Paulus se interpretasie van Jesus se leerstellinge aandag te skenk.

Die apostel se uitgangspunt is ook hier die soewereiniteit van God: Hy het die mens en sy werke nie nodig nie. "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie." 1) Uit die werke van die wet sal geen vlees voor Hom geregverdig word nie. 2) Die mens kan nie deur sý prestasie iets van God afding nie. Niemand het iets aan Hom gegee nie. 3) Die mens word deur God gered en geroep nie volgens sy werke nie 4), maar enkel deur God se genade. Die verbond tussen God en die mens is vir Paulus nie 'n kontrak tussen twee outonome vennote nie, maar tussen die al-magtige Al-géwende en die nietige mens wat maar net in geloof en dankbaarheid kan aanvaar. Hiermee hef Paulus nie die noodsaaklikheid van die mens se arbeid en goeie werke op nie, maar hy lê dit in 'n

---

1) Efes. 2:8-9.
2) Rom. 3:20, 27-28; Gal. 3:2, 10.
3) Rom. 11:35.
4) II Tim. 1:9; Tit. 3:5.

heel ander verband. Israel van dié tyd het die mens as die oorsprong van goeie werke gesien en slegs die gevolge van die werke transendenteel gesien as voorbereiding vir die koms van die Messias. Paulus verplaas daarteenoor ook die oorsprong van die mens se goeie werke na God: dit is nie die mens wat werk nie, maar God wat deur die gelowige werk; dit is dus nie die mens se dade nie, maar God se dade. Vanselfsprekend is hierdie dade in God se groot verlossingsplan ingeskakel en het dit dus die hoogste betekenis.

Die mens se kontak met God, sy ingebedheid in God se wil, is die kanaal waardeur God in die mens se lewe goeie dade werk. Hierdie kontak met God het die Jood in die wet gesien as openbaring van God se wil met die mens en die wêreld. Ten tye van die optrede van Jesus en Paulus het die wet egter reeds lank in starre voorskriftelikheid verval. Godsdiens het altyd tweërlei funksie: om die massa deur etiese voorskrifte te dissiplineer, en om die enkeling wat daartoe in staat is tot 'n hoër religieuse belewing te help. In die tyd van die profete het die klem op die laasgenoemde funksie geval, maar onder die Fariseërs met hulle drang tot regimentering en voorskriftelikheid het die onderskikking van die mens aan die wetsisteem die lewende kontak met God in groot mate verhinder. 1)

Paulus sien die ware betekenis van Jesus as die Messias daarin dat Hy die wet vervul en dit vervang. Voortaan is dit dus nie meer deur die wet nie maar deur Christus self dat die gelowige in lewende, eksistensiële kontak met God staan. Om in ware kontak met God te kom, moet die mens Christus aanvaar as Messias, as Seun van God, en hierdie vertrouensvolle aanvaarding noem Paulus geloof. Ná Jesus het die wet as kontakmiddel met God verval. Die wet het slegs interim-betekenis gehad tot Christus se koms: voortaan is Hy self die kanaal waardeur God en mens met mekaar in verbinding is. God werk tans nie meer deur die wet nie, maar deur die geloof in Christus. Goeie werke is dus nie die gevolg van die mens se nakoming van die eise van die wet nie, maar van sy geloof in Christus, waardeur God die goeie werke by hom inspireer. "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet." 2)

Dit is voorts belangrik om noukeuriger na te gaan wat Paulus onder geloof verstaan.

Geloof is vir hom geen verdienstelike daad in Joodse sin nie: dit is die mens se reaksie op die heilswil van God, sy oorgawe aan God 3),

1) Vgl. Gal. 5:4.
2) Rom. 3:28.
3) Van Leeuwen, W.S.: De verkondiging van het koninkrijk Gods in de evangeliën in Waszink: Het oudste Christendom II, p. 201.

dit is iets wat in die lewensverbinding met Christus voltrek word [1]), dit is in die eerste plek vertroue in Christus. [2]) "Der Glaube des Paulus ist also die in der Gemeinschaft mit Christus hergestellte Verbindung mit Gott." [3]) Geloof is dus nie 'n intellektualistiese oortuiging nie maar 'n persoonlike betrokkenheid en stellingname, 'n innerlike houding. [4]) Hierdie geloof gaan bo die rede uit: dit kom neer op 'n rotsvaste en onvoorwaardelike vertroue in iets wat onsigbaar en onbewysbaar is. [5]) Geloof sluit nie ervaring uit nie, maar gaan daarbo uit. [6]) "Faith introduces a dimension which goes beyond the psychological and social interpretation of occurrence." [7]) Hoewel geloof bo die rede uitgaan, is daar nie 'n absolute teëstelling van geloof en rede nie. [8]) Geloof ontken nie die reg en bevindinge van die rede nie, maar strek verder, dieper die misterie van God in, tot waar rede met sy beperking van bewysbaarheid nie kan reik nie.

Die Joodse teoloog Martin Buber interpreteer Paulus se opvatting verkeerd wanneer hy dit gelykstel met 'n verstandelike geloof wat slegs in 'n eenvoudige beslissing bestaan sonder dat dit in die hele lewe verwerklik hoef te word [9]), dit wil sê as geloof in 'n feit in plaas van geloofsvertroue op God. [10]) "Men zou hem (d.i. Paulus) grondig misverstaan, als men daarom zou menen, dat het bij hem om een uitsluitend verstandelijke beslissing inzake een theologische speculatie ging. Geloven is nu ook een volkomen vertrouwen op, een algeheel zich overgeven aan deze realiteit, het is ook een innige, onlosmakelijke verbinding tussen die gestorven en opgestane Heer en de gelovige ... Door geloof is ook een geheel nieuwe basis gegeven aan ons leven en werken. Geloof is ook vanzelfsprekend gehoorzaamheid, geloof is het ja van de gehele mens met zijn leven en werken als antwoord op de openbaring van Gods heil." [11])

Daar is dus geen sprake van daadlose aanvaarding van die redding deur Christus nie. Die noodsaaklikheid van goeie werke word nie opgehef nie

---

1) Deissmann: Paulus, p. 126.
2) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 162.
3) Deissmann: Op. cit., p. 128.
4) Loc. cit.
5) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 145.
6) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 187.
7) Filson: The New Testament against its environment, p. 48.
8) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 508.
9) Vgl. Buber: Zwei Glaubensweisen, p. 24-25, 39, 99; Godsverduistering, p. 120.
10) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 112, 142.
11) Sevenster, J.N.: Paulus <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom II, p.286.

maar die werke is nie, soos Israel gemeen het, die voortreflike resultate van eie inspanning nie: dit is die vrug van die Gees wat daarin tot uiting kom. [1] Die werke van die Christen kom daaruit voort dat hy deur God se gees gelei word. [2] Ook die werke is dus gawes van God, dit is daadwerklike uitinge van die gelowige se kontak met Christus se liefde, dit is kentekens van die verlossing deur Christus. [3] Ook hier bewaar Paulus dus die oorspronklike eenheid tussen liefde en arbeid. Werke in diens van die medemens is uitinge van Christus se liefde wat deur die gelowige werk. Die afwesigheid van goeie werke sou dan ook daarop dui dat die mens nie in kontak lewe met Christus nie. So 'n persoon sal God dan ook deur sy werke verloën. [4] Dié wat in God glo, moet sorg dra om goeie werke voor te staan sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie. [5]

Die apostel minag dus nie goeie werke nie en stel dit tewens as die daadwerklike uiting van die mens se geloof in Christus, maar hy verwerp Israel se opvatting van die mens as vennoot wat deur sy arbeidsprestasie tot God se werking kan bydra. Vir Paulus is God alles en die mens slegs die werktuig deur wie Hy werk. Die Christen se arbeid in die Here is nie tevergeefs nie [6] en die onderhouding van God se gebooie is belangrik. [7] Die hoofsaak is die geloof wat deur die liefde werk. [8] Daarom roep hy die gemeente op om hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk want dit is God wat in hulle werk om te wil sowel as om te werk na sy behae. [9] God skenk die geloof vrylik, sonder enige prestasie van die mens se kant [10], en as God vír ons is, wie kan téén ons wees? [11] Die mens het egter die vryheid om téén Christus te kies en die geloof nie aan te neem nie, dit wil sê hy kan verkies om nie in direkte kontak met Christus te tree nie. Dit geld nie alleen vir die ateïs nie, maar ook vir die persoon wat aan die wet gebonde bly en meen om deur blinde nakoming daarvan verdienstelikheid te verwerf en daardeur mag oor God te verkry. Dit is trouens een van die ernstigste gevare wat die gelowige bedreig dat hy die direkte kontak met Christus met sy eis van liefde, algehele inset en persoonlike beslissing en verantwoordelikheid sal probeer ontvlug en weer in die

---

1) Gal. 5:22.
2) Rom. 8:14.
3) Hörnemann: Das Ende des Gesetzes, p. 84.
4) Tit. 1:16.
5) Tit. 3:8, 14.
6) I Kor. 15:58.
7) I Kor. 7:19.
8) Gal. 5:6.
9) Filip. 2:12-13.
10) Sevenster, J.N.: Paulus <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom II, p. 285.
11) Rom. 8:31.

voorskriftelikheid van die wetsisteem sal verval [1]) wat hom van die noodsaaklikheid van persoonlike beslissings sal ontdoen.

In die Ou Testament was goeie werke die uitvloeisel van die nakoming van die wet, dit wil sê van plig [2]); onder die bedeling van Christus word dit die tasbare uitinge van God se liefde wat deur die mens werk. Deur Christus wat namens die sondaar aan die eise van die wet voldoen het, het die wet sy reg en mag oor die gelowige verloor [3]) en word die gelowige sonder sy eie verdienste regverdig. [4]) Geregverdig deur die geloof, het die Christen vrede by God deur Jesus Christus. [5]) Sodoende staan die gelowige nie meer onder die wet, wat hy magteloos is om te onderhou nie, maar onder die genade. [6]) Daardeur is die gelowiges nou nie meer slawe nie, maar kinders. [7]) Deur aan die aanspraak wat die wet op die skuldige mens het, te voldoen, is Christus die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. [8]) Hy het namens die mens aan die eise van die wet voldoen. Daardeur het die wet sy krag oor die mens verloor. [9]) Jesus het, deur aan die wet te voldoen, die mens van die wet bevry. [10]) So word die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet. [11])

Die gelowige moet egter stry om hierdie vryheid nie te verloor nie. Die gevaar bestaan dat hy sal meen dat hy deur goeie dade tot sy redding moet bydra; hy kan meen dat hy uit eie krag die sonde moet bestry om nie met leë hande na God te kom nie [12]) en so kan hy God se soewereiniteit aantas. Om geheel op Christus te vertrou en self niks in eie belang te wil bydra nie, vra van die mens die grootste nederigheid.

Terselfdertyd stel die gelowige homself egter ten volle beskikbaar as 'n werktuig van God. "Want die liefde van Christus dring ons, omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is." [13]) Die gelowige is daarom soos iemand wat uit die dode op-

1) Hörnemann: Das Ende des Gesetzes, p. 19.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 239.
3) Rom. 8:3-4.
4) Rom. 3:24.
5) Rom. 5:1.
6) Rom. 6:14; 8:1-2.
7) Rom. 8:15.
8) Rom. 10:4.
9) I Kor. 15:56.
10) II Kor. 3:17; Gal. 3:13; 4:5.
11) Rom. 3:21.
12) Hörnemann: Op. cit., p. 26-27, 84.
13) II Kor. 5:14-15.

gewek is [1]): hy is 'n veranderde mens en lewe vanuit 'n ander lewensbeginsel as die ongelowige. Paulus leef nie meer nie, maar Christus leef in hom [2]), hy is 'n gevangene van Christus Jesus. [3]) Die enigste werk wat hy as gevangene van Jesus mag doen, is in diens van Christus se koninkryk. "So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God." [4]) Die ware wese van die mens is dat hy deur kontak met Christus goeie werke sal doen. "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." [5]) Die gelowiges is geroep en toegerus "vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die volle grootte van Christus." [6])

Die gelowige is met ander woorde geroepe tot die hoogste opvoedkundige taak: om ander te help om tot die eenheid van die geloof en kennis van Christus te kom. Daartoe is hy in staat danksy die geloof wat Christus hom geskenk het en wat deur die Woord van God gewek word. "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God." [7]) Die Gees van God kom nie uit die werke van die wet nie maar uit die prediking van die geloof. [8]) Hierin is nie alleen die woord van die opvoeder-gelowige van belang nie, maar ook die egtheid van sy voorbeeld. [9])

Die opdrag aan die gelowige is duidelik. Sy arbeid moet in diens van Christus staan: "Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering." [10])

Dit kom daarop neer dat die belangrikste arbeid wat die gelowige kan doen, <u>opvoedingsarbeid</u> is. Hy moet deur sy geloofskontak met Christus 'n kanaal wees waardeur die geloof van die medemens gewek en versterk word; hy moet vir ander 'n kanaal na Christus en deur Christus na God wees.

---

1) Gal. 1:1. Vgl. 2:19.
2) Gal. 2:20.
3) Filémon 1:1.
4) I Kor. 4:1. Vgl. 3:9.
5) Efes. 2:10.
6) Efes. 4:12-13.
7) Rom. 10:17. Vgl. Filip. 3:9.
8) Gal. 3:2.
9) Vgl. Filip. 4:9; I Thess. 2:12; II Tim. 2:19; Tit. 2:7.
10) II Tim. 4:1-2.

Hierdie vertroue wat geloof is, is onafskeidelik van liefde want Christus is die inkarnasie van God se liefde. Ook tussen liefde en arbeid is die nouste band want ware liefde kom altyd tot uiting in daadwerklike diens. Liefde en arbeid is twee kante van dieselfde muntstuk en albei spruit uit die geloofskontak met Christus.

Hoewel die wet van die sonde nog tot sy dood toe in die gelowige se lewe 'n stryd voer teen die wet van sy gemoed sodat hy sal verlang na die dood [1]) en sal kla dat daar niemand regverdig is nie, selfs nie een nie [2]), kan hy hom altyd in die Here verbly; hy kan sy vriendelikheid aan alle mense bekend laat word: die Here is naby. Hy hoef oor niks besorg te wees nie en die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal sy hart en sy sinne bewaar in Christus Jesus. [3]) Die geloof gee moed en hoop, want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. [4]) Die gelowiges weet in stille vertroue dat God getrou is en nie sal toelaat dat hulle bo hulle kragte versoek sal word nie. [5]) Net so kom die Gees hulle swakhede te hulp, want hulle weet nie reg wat hulle moet bid nie, maar die Gees self tree vir hulle in met onuitspreeklike sugtinge. [6])

Die lewe van die gelowige is nie op homself en sy eie voorspoed gerig nie: sy arbeid, sy hele lewe staan in diens van Christus: dit word soos 'n drankoffer uitgegiet [7]), "want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here." [8]) Waar die gelowige se hele lewe in diens van Christus en die Koninkryk staan, sal sy arbeid vanselfsprekend ook aan die Koninkryk behoort: dit sal liefdesarbeid wees.

Paulus beklemtoon telkens die noodsaaklikheid daarvan om deur handearbeid in sy eie lewensbehoeftes te voorsien, nie alleen om die arm gemeentes sy versorging te bespaar nie maar ook om as voorbeeld te dien.[9]) Self werk hy as tentmaker [10]) nag en dag om in sy eie onderhoud te voor-

---

1) Rom. 7:23-25.
2) Rom. 3:10.
3) Filip. 4:4-7.
4) II Tim. 1:7.
5) I Kor. 10:13.
6) Rom. 8:26.
7) II Tim. 4:6.
8) Rom. 14:7-8.
9) II Thess. 3:7-12; I Thess. 4:11.
10) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 6.

sien en die evangelie van God te verkondig. [1]) Die lewe is geleentheid tot arbeid vir Christus: om in die vlees te lewe, beteken vir hom vrugbare arbeid. [2]) Sy gawe van seksuele selfbeheersing kom hom hierin te hulp want dit ontdoen hom van die noodsaaklikheid van die versorging van 'n gesin. Daardeur kan hy sy arbeid des te vrugbaarder vir die uitbreiding van Christus se koninkryk aanwend. Handearbeid beskerm die mens ook teen die versoeking om te steel en stel hom in staat om te kan meedeel aan persone wat gebrek ly. [3]) Die spreekwoordelike luiheid van die Kretense bestraf hy met skerp woorde. [4])

Die arbeid van evangelieverkondiging is vir hom swaar en dikwels teleurstellend want hy vrees soms dat dit vergeefs sou wees. [5]) Hy verkondig die evangelie nie uit vrye keuse nie "want die dwang is my opgelê, en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie!" [6]) Christus het op Paulus beslag gelê en werk op geweldige wyse deur hom. Die apostel volbring die evangelieverkondiging van Jerusalem af en rondom tot by Illirikum [7]), hy moet Rome ook sien [8]) en meen om ook na Spanje te reis [9]), hy is byna sy lewe deur op reis en met gevaarlike werk besig [10]) want hy word oralheen geroep. [11]) Hy arbei sonder rus voort want die tyd is kort en die bestaanstyd van hierdie wêreld gaan verby [12]), hy pak die taak in swakheid en in vrees en in veel bewing aan [13]), maar hy kan uiteindelik sê: "Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is." [14])

Paulus se arbeidsbeskouing kan kortliks soos volg saamgevat word: arbeid word aanbeveel as middel om die daaglikse brood te verdien, maar is nie 'n doel op homself nie. Die sin van arbeid lê nie in die totstandbrenging van 'n aardse utopie nie maar in die dankbare uitbreiding van God se koninkryk, want die grondslag van arbeid is liefde vir God en die medemens. Die mens se werke het uit hulleself geen betekenis nie, maar

---

1) I Thess. 2:9. Vgl. I Kor. 4:12; II Kor. 6:5.
2) Filip. 1:22.
3) Efes. 4:28.
4) Tit. 1:12-13.
5) I Thess. 3:5.
6) I Kor. 9:16.
7) Rom. 15:19.
8) Hand. 19:21.
9) Rom. 15:24.
10) II Kor. 11:26-27.
11) Vgl. Hand. 16:9.
12) I Kor. 7:29-31; Rom. 13:11-12.
13) I Kor. 2:3.
14) I Kor. 15:10.

is uitvloeisels van God se genade en die geloof in Christus. Daarmee is geloof, liefde en arbeid onskeibaar verbonde en staan arbeid nie veral in diens van die tydelike bestaan nie maar van God se ewige koninkryk.

(5) Lyding.

Vir die Griek met sy diesseitgerigtheid was lyding 'n onassimileerbare element in die lewe. Dit het vir hom altyd iets gebly wat sinneloos is en van buite die mens se geluk vernietig, 'n uitvloeisel van die disharmonie wat deur die dualistiese beginsels van goed en kwaad in die mens teweeggebring word. 1) Israel voer lyding terug na die sondeval en gee dit terselfdertyd 'n oorweldigende positiewe betekenis: dit is God se manier om die mens tot inkeer en die Messiasryk tot stand te bring. God is by sy volk in sy lyding en sodoende is lyding, hoewel dit 'n uitvloeisel van die sonde is, nie 'n teken van God se ongunс nie, maar juis van sy bemoeienis met die mens. 2) God gebruik ook in lyding die kwaad om die goeie te dien.

Die lyn van lyding wat dwarsdeur die Ou Testament loop, word in Jesus se optrede voortgesit. Liggaamlike lyding dryf mense in duisendtalle na Jesus toe en is sodoende 'n werktuig in God se hand om sy Woord te versprei. Soos Israel wys Jesus daarop dat aardse lyding nie verlig nie maar verhewig sal word voor die einde van die wêreld, maar Hy bring reeds die offensief teen lyding, nie deur op die betekenis daarvan vir 'n aardse Messiasryk te wys nie, maar deur dit met ewigheidswaarde te beklee. Lyding sal sy doel en voltooiing eers met die wederkoms van Christus bereik. Dan sal die sonde en sy uitvloeisel, lyding, wat egter terselfdertyd 'n werktuig in God se hand was, verdwyn. 3)

Die verskuiwing van diesseit- na jenseitverwagtinge het skynbaar ná die Babiloniese ballingskap begin; deur Jesus het dit duideliker gestalte aangeneem, en by Paulus vorm dit die grondslag van sy hele verkondiging. Die verbygaande aardse bestaan het, vergeleke met die oorweldigende betekenis van die ewige geluk by Christus, vir Paulus weinig betekenis. Ook die lyding wat deel is van die menslike synswyse verloor daardeur sy tragiek, "want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie." 4) Hierdie houding kom egter nie op 'n bagatellisering van lyding neer soos

---

1) De Klerk, W.J.: Rousmart, die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare, p. 26.
2) Vgl. hierdie studie, p. 221-222.
3) Ibid., p. 297.
4) Rom. 8:18.

by die Stoa nie. [1]) "Die Stoa fordert Resignation, Paulus predigt Leidensüberwindung. Die stoische Stimmung ist nüchterne, frostige, trotzige, in gewisser Beziehung sogar an Verzweiflung grenzende Verteidigungsstimmung, die paulinische im Feuer der Begeisterung lodernde Angriffsstimmung." [2]) By Paulus klink nie die Stoa se proteslose onderskikking aan die noodlot nie maar die jubeling in Christus se oorwinning oor lyding en dood.

Paulus het self in volle mate lyding geken, die lyding van 'n ongestelde liggaam, die lyding van die Christen se besef van onvolkomenheid, die lyding van vervolging ter wille van die evangelie.

Uit die sendbriewe is dit duidelik dat die apostel voortdurende liggaamlike lyding moes verduur, die sogenaamde "doring in die vlees", die engel van Satan wat hom met die vuis slaan. [3]) Die vae verwysings dui moontlik op epilepsie [4]) maar miskien meer waarskynlik op 'n oogkwaal wat hom onaansienlik gemaak het [5]) en wat moontlik 'n blywende nagevolg van sy ontmoeting met Christus op die pad na Damaskus was. [6]) Daar is voorts aanduidings dat die apostel nie 'n sterk stem of 'n indrukwekkende voorkoms gehad het nie. [7]) Op sy herhaalde smekinge dat God die doring uit sy vlees moet verwyder, het hy die antwoord ontvang: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring." [8]) Hoewel Paulus lewenslank met swak gesondheid te kampe gehad het [9]), wat dalk ook malaria kon gewees het [10]), het hy 'n baie aktiewe geaardheid gehad en die indrukwekkende omvang van sy reise wat met gevare van skipbreuk [11]) en van wilde diere gepaard gegaan het [12]), sowel as die daadkragtige geaardheid wat uit sy briewe spreek, maak hoegenaamd nie die indruk van swakheid of sieklikheid nie. [13]) "Men kan toch weer niet zeggen, dat een man, die zoveel gereisd, zoveel gepredikt heeft, lichamelijk zwak was. Evenmin heeft het Paulus aan moed ontbroken om van zijn Heiland te getuigen. Maar wel blijkt, dat Paulus zich telkens weer niet opgewassen heeft

---

1) Vgl. oor die Stoa hierdie studie, p. 136-140.
2) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 35.
3) II Kor. 12:7.
4) Wrede: Paulus, p. 17; Grosheide: Paulus' tweede brief, p. 181.
5) Vgl. Gal. 4:13-14 en veral vers 15; Gal. 6:11 en moontlik II Thess.3:17.
6) Hand. 9:3-4, 8-9, 12, 18.
7) II Kor. 10:10; 11:16. Vgl. ook Grosheide: Op. cit., p. 138.
8) II Kor. 12:9.
9) Deissmann: Paulus, p. 48-49.
10) Postma: Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus, p. 84.
11) Hand. 27:13-44.
12) Hand. 28:3-6. Vgl. ook I Kor. 15:32.
13) Wrede: Op. cit., p. 18; Deissmann: Op. cit., p. 52-53, 151.

gevoeld tegen zijn zware taak. Hij zou meer willen doen." 1)

Sy liggaamlike lyding aanvaar hy nie alleen nie, maar dit bring selfs mee dat hy juis as gevolg daarvan aan die Galásiërs die evangelie verkondig. 2) Ook hier is sy persoonlike lyding 'n middel in God se hand.

Die apostel ken verder die lyding van tweespalt in eie persoonlikheid, die droefheid van die man wat die goeie wil doen maar dan doen hy wat hy haat. 3)

Die meeste lyding wat Paulus te verduur gehad het, was egter lyding van buite, vervolging ter wille van die evangelie. Dit het spoedig na sy bekering al 'n aanvang geneem 4): in Listre is hy gestenig, uit die stad gesleep en vir dood laat lê 5); in Filippi is Paulus en Silas se klere van hulle afgeskeur, hulle is met stokke baie slae gegee en in die gevangenis gewerp met blokke aan hulle voete 6); 'n groep Sicarii het saamgesweer om hom om die lewe te bring 7); aan die einde van sy lewe is hy deur baie verlaat 8), hy is in die gevangenis en moet blykbaar koue verduur 9); hy is 'n ou man, 'n gevangene van Jesus Christus 10) en sterf uiteindelik in die regeringstyd van Nero 'n marteldood. 11) Sy lewe was ryk aan lyding. Hy som dit op: "Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring - dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid. Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes." 12) Hier spreek nie selfbejammering of Stoïsynse onaandoenlikheid nie: hier is die gelowige aan die woord wat ook in lyding sy Meester navolg en daarin 'n onverganklike vreugde vind: "In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons

---

1) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 29.
2) Gal. 4:13.
3) Rom. 7:15.
4) Hand. 9:23-24.
5) Hand. 14:19.
6) Hand. 16:22-24.
7) Hand. 23:12-15; 25:3.
8) II Tim. 1:15.
9) II Tim. 4:13, 21.
10) Filémon 1:9.
11) Greijdanus: Het leven van den apostel Paulus, p. 278-279. Kellett: A short history of religions, p. 196.
12) II Kor. 11:24-28.

is verleë, maar nie redeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie. Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. Want altyd word ons wat lewe, oorgelewer in die dood om Jesus wil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word. So werk die dood dan in ons, maar die lewe in julle." [1])

Die apostel se lyding is vir hom 'n manier om nie alleen self in die Koninkryk in te gaan nie [2]), maar om dit ook vir ander moontlik te maak, want niemand leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. [3]) Paulus kan getuig dat die lyding wat hom wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het. [4]) Die hele doel van die lewe, en dus ook van lyding en dood, is Christus: "Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins." [5]) So is nie alleen die geloof nie, maar ook die moontlikheid om vir Christus te ly, 'n genadegawe. [6])

Die volgelinge van Christus is vir lyding bestem [7]): lyding legitimeer as 't ware die dissipel. [8]) Daarom word die lyding 'n saamgaan met Christus en dus 'n rede tot blydskap: "Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukkinge van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is." [9]) Die Thessalonisense is verkies tot navolgers van die Here in baie verdrukking [10]) en Timótheüs word opgeroep tot deelname aan die verdrukkinge vir die evangelie. [11]) Lyding is 'n teken van die navolging van Christus. [12])

Die apostels is deur God tot 'n nederige posisie bestem [13]) en Paulus is gereed om in Jerusalem te sterwe vir die Naam van die Here Jesus. [14]) Vir die volgeling van Christus is die aardse bestaan en die lyding wat daaraan verbonde is van verbygaande aard, maar dit is 'n belegging vir die ewigheid. "Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie

---

1) II Kor. 4:8-12.
2) Hand. 14:22.
3) Rom. 14:7. Vgl. ook II Kor. 4:12.
4) Filip. 1:12.
5) Filip. 1:21.
6) Filip. 1:29.
7) I Thess. 3:3-5.
8) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 23, 34.
9) Kolos. 1:24.
10) I Thess. 1:6.
11) II Tim. 1:8,12.
12) II Tim. 3:11-12.
13) I Kor. 4:9-13.
14) Hand. 21:13.

let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig." 1) Die dood en opstanding van Christus het die dood, die laaste vyand wat vernietig sal word 2), van sy mag beroof. Die gelowige treur nie soos die wat geen hoop het nie: "Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring." 3) God troos daarmee die gelowige in alle verdrukkinge. 4)

Omdat in Christus se opstanding die dood oorwin en die aardse bestaan gerelativeer is, omdat Christus alles is, het lyding nie alleen sy mag verloor nie, maar werk dit mee om die Koninkryk uit te brei. Droefheid volgens die wil van God werk bekering tot redding. 5) Paulus skryf uit groot verdrukking en benoudheid van hart aan die Korinthiërs 6) en hy is in barensnood vir die Galásiërs totdat Christus in hulle 'n gestalte gekry het. 7)

Samevattend kan gekonstateer word dat Paulus lyding met die hoogste betekenis beklee. Dit bring die mens tot ontmoeting met Christus en sodoende in die regte verhouding tot God. 8) Deur die mens se swakheid werk God se krag: Hy gebruik juis swak, lydende mense vir sy werk. 9) Die gelowige is geroep om soos Christus te ly: hy moet nie slegs ly nie, hy mag ly en so Christus verheerlik. 10) Lyding het daarmee vir Paulus 'n sterk opvoedende betekenis. "Door het lijden wordt de mens veranderd; hij krijgt deel aan Gods gaven; hij gaat beantwoorden aan Gods bedoeling met de mens." 11) Vir hulle wat God liefhet, werk alles ten goede mee. 12) Agter die mens se lyding staan nie soseer God se toorn nie as sy liefde. Waar die Ou Testament die band tussen sonde en lyding aangetoon maar die gedagte verder gevoer het deur lyding met inkeer en die gevolglike koms van die Messias te verbind, vestig Paulus die aandag veral op die verband tussen lyding en verlossing. Die gelowige kan in sy lyding verseker wees van God se bystand. Christus se opstanding verleen 'n ander visie op lyding: die geloof in 'n ewige lewe gee sin nie alleen aan die aardse

---

1) II Kor. 4:17-18.
2) I Kor. 15:26.
3) I Thess. 4:14. Vgl. Rom. 6:8-10.
4) II Kor. 1:3-5. Vgl. Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p.50.
5) II Kor. 7:10.
6) II Kor. 2:4.
7) Gal. 4:19.
8) II Kor. 1:9; 12:7. Vgl. De Klerk: Rousmart, p. 84.
9) Lindijer: Op. cit., p. 59. Vgl. Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 24.
10) Juncker: Op. cit., p. 31-32.
11) Lindijer: Op. cit., p. 60.
12) Rom. 8:28.

bestaan nie, maar ook aan die lyding wat daarvan deel is. Christus se bystand deur die werking van die Heilige Gees maak die mens se lyding draaglik en gee daaraan betekenis.

Vanuit opvoedkundige oogpunt het Paulus se uitsprake oor lyding vérstrekkende betekenis. Dit bewaar die lydende teen die verbystering en ontreddering wat die uitwerking van onbegrepe smart is. By Paulus is geen sprake van materiële vooruitgangsoptimisme nie. Lyding sal nie verdwyn of verminder word nie, maar toeneem totdat dit met die wederkoms van Christus finaal sal verdwyn. Die gelowige moet dus nie vrugteloos probeer om sy lyding te ontduik nie, maar dit onbevrees dra [1]) en dit as 'n genadegawe beskou wat na God lei. Dit behels egter nie 'n houding van oormoedigheid of selfmarteling nie, want waar moontlik moet hy gevaar ontwyk. [2]) Omdat lyding 'n weg tot God is, moet die gelowige bly wees dat hy waardig geag is om vir God se Naam oneer te ly. [3]) Omdat hy onder die indruk is van die toekomende wêreld se oorweldigende betekenis in vergelyking met die aardse bestaan, is hierdie blydskap wat in die geloof in Christus wortel, 'n onuitroeibare deel van die gelowige se gesindheid, ongeag die lyding wat hy mag verduur. Die gelowiges gaan deur die lewe "as bedroefdes, maar altyd opgeruimd; as armes, maar wat baie ander ryk maak; as mense wat niks het nie en tog alles besit." [4]) Deur Christus is selfs die laaste vyand en oorsaak van die grootste vrees en lyding, die dood, oorwin en word ook dit 'n genadegawe: dit word die finale afsterwe van die sonde, 'n deurgang tot die ewige lewe. [5])

Vir Paulus lê die oplossing van die lydingsprobleem enkel in *geloof in Christus*. Om nie deur die lyding van die aardse bestaan oorweldig te word nie, moet die mens ten alle koste die geloof behou. Lyding op homself is naamlik nie kreatief nie en voer nie sonder meer tot bekering nie. Eers wanneer Christus se genade dit aanvul, word dit 'n weg wat tot Hom voer. [6]) Dié kontak waardeur die mens se lyding sy steriliteit verloor en na God lei, skenk Christus vryelik, maar die Christen moet dit onderhou. Die middel wat Paulus hiervoor noem, is gebed: hy en Silas bid in die gevangenis en sing lofliedere tot eer van God [7]); hy roep die gemeente op om oor niks besorg te wees nie, maar hulle begeertes in alles deur gebed

---

1) Hand. 27:22-25.
2) Hand. 9:25,30; 14:5-6; 19:30.
3) Hand. 5:41; 16:25.
4) II Kor. 6:10. Vgl. Filip. 2:17.
5) Hörnemann: Das Ende des Gesetzes, p. 91.
6) De Klerk: Rousmart, p. 55-56.
7) Hand. 16:25.

en smeking met danksegging by God bekend te laat word. [1]) Aan die Thessalonisense skryf hy in haas: "Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. Blus die Gees nie uit nie." [2])

Deur geloof in Christus word alle dinge, ook sy lyding, vir die gelowige sinvol. Deur God se genade, deur die vertroosting van die Heilige Gees, word die rouheid van die lyding oorwin wat vir die Griek so verbysterend was en vir die Jood 'n blywende aanduiding was dat sy utopieverwagtinge teleurgestel en die Messiasryk nog nie gekom het nie. Geloof in Christus maak die lyding 'n weg tot God, 'n teken van sy genade: "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus." [3])

(6) Die sinvolle.

Uit die voorgaande skets van Paulus se mensbeskouing is sy opvatting oor die sinvolle reeds duidelik. Die apostel het hom oor talle aspekte van die mens se bestaan uitgespreek: oor die liggaam, die gemeenskap, die huwelik, die opvoeding, die geskiedenis, oor arbeid en lyding, maar al hierdie denkbeelde wortel direk in die allesoorheersende waarde wat vir hom die lewe sinvol maak. Dwarsdeur Paulus se persoonlike lewe en prediking skyn die lig wat hom op die pad na Damaskus teen die aarde neergewerp het - en klink die stem wat hom tot 'n nuwe Christusgewyde bestaanswyse laat opstaan het.

Die sentrale sin van die lewe is vir hom Christus.

Paulus sien nie in die eerste plek Jesus, die geniale leermeester nie, maar Christus, die Verlosser, die Herresene, die Een in wie die geregtigheid van God sonder die wet geopenbaar is. [4]) Deur Christus verval die harde eise van die wet en het die gelowige vrede by God. [5]) Hy skenk ware vryheid, ook van die angel van die dood. [6]) Hy het dié wat onder die wet was, losgekoop en as kinders aangeneem. [7]) Die vryheid wat Christus die gelowige skenk, is vir Paulus die kosbaarste besitting. [8]) Christus maak die gelowige wat dood was deur die misdade van die vlees, saam met Hom lewend [9]): Hy is die één Middelaar tussen God en die mense [10]), die

---

1) Filip. 4:6.
2) I Thess. 5:16-19.
3) Filip. 4:7.
4) Rom. 3:21.
5) Rom. 5:1.
6) I Kor. 15:56.
7) Gal. 4:5. Vgl. 3:13.
8) Gal. 5:1.
9) Kolos. 2:13.
10) I Tim. 2:5.

allesoortreffende genadegawe van God deur wie die mens toegang tot die Vader het. [1]) In Christus heel God die sondevalbreuk tussen Hom en die mens. Die beslissende gebeurtenis in die geskiedenis, die sentrale waarde van sy lewe, is vir Paulus Christus se opstanding. Dit is die bewys van Jesus se bonatuurlike middelaarskap. [2]) Deur geloof in Christus het ook die sterflike mens deel aan die opstanding tot die ewige lewe [3]), het hy toegang tot God.

Die sekerheid van sy opstanding relativeer vir die gelowige die waarde van die aardse bestaan en bring mee dat hy 'n heeltemal ander leefwyse het as die ongelowige: "As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterwe ons!" [4]) Voor die allesoortreffende feit van Christus se verlossing verklein alle ander dinge tot nietigheid. Die mens se aardse bestaan is deel van God se plan en moet ook volgens Christus se gebod van die liefde gereël word, maar dit het bloot verbygaande betekenis. Die wêreld gaan vinnig na sy einde: die parousie van Christus is op hande en dan sal nie net die mens nie, maar die hele skepping vrygemaak word van die slawerny van verganklikheid. [5]) Die huidige tyd is eindtyd, dit is die afloop van die tyd van gebrokenheid wat op die sondeval gevolg het, en Paulus verlang na die einde daarvan.

Die koninkryk van Christus waarna die gelowige verlang, bestaan daarin dat Christus heers en dat sy onderdane Hom liefdevol gehoorsaam. Dié Koninkryk het reeds 'n aanvang geneem, maar dit is 'n Koninkryk op die nog onverloste aarde en dit dra die stempel van onvolkomenheid. Dit sal eers volkome word met sy wederkoms wanneer Hy die Koninkryk aan God die Vader sal oorgee [6]), dit wil sê wanneer die Christusryk sy voleindiging vind in die Godsryk. [7]) Die huidige tyd is die tyd van onderweg-wees na die volkomenheid van die Godsryk.

Voor die bonatuurlike gebeurtenis van Jesus se opstanding en die verlossing wat dit vir die gelowige beteken, verval nie alleen die wet om deur liefde vir Christus vervang te word nie, maar verval ook die gemeenskapsbindinge wat op materiële volksverband alleen berus. Die ware bondsvolk is nie die vleeslike Israel alleen nie, maar almal wat in Chris-

1) Efes. 2:18.
2) Hand. 13:30:39; 24:14-15.
3) Rom. 6:5-8; 10:9-10; II Kor. 4:14.
4) I Kor. 15:32.
5) Rom. 8:20-22.
6) I Kor. 15:24.
7) Heyns, J.A.: Reduksie in die teologiese wetenskap? in Bulletin van die Suid-Afrikaanse vereniging vir die bevordering van die Christelike wetenskap, Maart 1967, Nr. 8, p. 4-9.

tus glo, en dit sluit lede van alle nasies in. [1])

Die diepste sin van die lewe lê vir Paulus in die kontak met Christus wat hy geloof noem. Daardeur word die mens 'n dienaar van God en ontvang hy loon. [2]) Gelei deur die Heilige Gees help hy in geloof om die koninkryk van Christus te bevorder.

Christus is vir die apostel die alles-oorkoepelende sin van die lewe. Voor sy liefde en genade waardeur die mens van die slawerny van die wet en die sonde verlos word en aan die opstanding deel het, verklein alle ander oorweginge tot nietigheid: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my." [3])

Die onbegryplike liefde van Christus maak liefde vir Christus en vir die medemens moontlik. Deur liefde gewek tot liefde bou die gelowige reeds in die onvolkomenheid van die aardse bestaan mee aan die koninkryk van Christus en sien hy in smagtende verlange uit na die aanbreek van die volle glorie van die Koninkryk met Christus se wederkoms. Dit bring 'n heelheid en 'n doelgerigtheid in die lewe van die gelowige wat nie alleen elke aspek van sy lewe betrek nie, maar ook aan sy dood die hoogste sin gee; in sy lewe en sy dood moet Christus groot gemaak word: "Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins." [4])

C. <u>Samevatting</u>.

Die mens van Hellas was 'n heroïese, tragiese mens, groots in sy opstand teen die noodlot, tragies in sy onvermydelike ondergang. Daarteenoor sien Israel die mens nie as <u>teëstander</u> nie, maar as <u>medewerker</u> van God, as die noodsaaklike wegbereider vir die Messias sonder wie se medewerking God nie sy verlossingsplan kan uitvoer nie. Die mens van Jesus se leer is 'n kleiner en nederiger mens as dié van Israel, want die klem lê op God se soewereiniteit en genade in plaas van op die mens se bydrae tot sy eie verlossing en dié van die wêreld.

Paulus voer Jesus se siening van die mens nog verder en laat die belangrikheid van sy aardse bestaan byna verdwerg voor die oorwig van die ewigheid. Dit is egter in sekere opsig 'n direkte ontwikkeling van die Joodse religie: eers het jenseitsverwagtinge daarin byna geen rol gespeel nie, later word die jenseits as uitbreiding van die aardse bestaan gesien; by Paulus het dit oorweldigend groter betekenis as die aardse

1) Vgl. Rom. 9:6.
2) I Kor. 3:5-8.
3) Gal. 2:20.
4) Filip. 1:20-21.

wat slegs korttermynbetekenis het.

Christus is vir Paulus die sentrale waarde en daardeur word die wêreld gedevalueer. Deur geloof in Christus se opstanding word die mens self die opstanding deelagtig. Daarmee kry sy lewe ewigheidsprojeksie wat die tydelike in verkleinde perspektief plaas.

Vir Paulus is die mens 'n verbygaande mens, die aardse bestaan klein en nietig in vergelyking met die komende volmaaktheid. Nogtans is die Pauliniese mens 'n grootser en waardiger mens as dié van Hellas: hy staan op die drempel van die ewige lewe, sy ware bestaan; hy is voorwerp van God se liefde en nie van sy jaloesie nie. Die mens van Paulus is ook 'n ander mens as dié van Israel: in Christus is hy verseker van die opstanding en hy hoef God se genade nie deur sy werke en blinde wetsnakoming te verdien nie want dit word hom vry-uit in liefde en genade geskenk.

Die vreugde en dankbaarheid oor God se liefde kleur vir Paulus die mens se hele bestaan en kom tot uiting in liefde vir Christus en die medemens. Elke aspek van die aardse bestaan word by die gelowige se liefde vir Christus ingeskakel.

Die liggaam is daarom vir die Here, en sy verganklikheid is nie rede vir uitsiglose tragiek soos in Hellas se beskouinge nie, maar hou die belofte in van toegang tot Christus. Liggaam en materie staan in diens van die Christusryk maar het slegs verbygaande betekenis en mag dus nie te hoog geskat word nie.

Die gemeenskap berus vir Paulus nie in die eerste plek op bloed- en volksverwantskap nie, maar op geloof in Christus. Daarmee deurbreek hy die Joodse nasionale eksklusivisme en daardeur gaan die evangelie ook na die heidene. Die Pauliniese gemeenskap is 'n gemeenskap van gelowiges waarin enkeling en groep sonder konflik saamlewe ooreenkomstig die liefdegebod, want dit is 'n Christusgemeenskap.

Ook die apostel se siening van die huwelik staan in die lig van die opstandingsgeloof wat vir al sy opvattinge bepalend is. Hy verwerp die gedagte van die selibaat nadruklik, maar sien die waarde van die huwelik ook negatief as beskerming teen ontug. Hy is bewus van die ontwrigtende uitwerking wat seksualiteit op die mens se lewe kan hê, maar vir wie die gawe van selfbeheersing het, is dit beter om nie te trou nie sodat sy diens aan Christus nie deur die sorg vir 'n gesin belemmer word nie.

Opvoeding val vir Paulus geheel met heenleiding na Christus saam en hy roep derhalwe die gelowige op om Christus na te volg. Die opvoeding

moet die aardse doel van heiligmaking dien, dit moet 'n samelewing tot stand bring op die grondslag van liefde, maar die hoofdoel is om die mens gehoorsaam aan God en gevoelig vir Christus se liefde te stem.

In Christus se opstanding het die geskiedenis sy vervulling bereik. Hierdie opvatting is die punt waar Judaïsme en Christendom skei, en hoewel dit reeds in Jesus se leer aanwesig is, vorm dit die kern van Paulus se verkondiging. Die huidige tyd is vir die apostel eindtyd. Die koninkryk van God het reeds in onvolkomenheid en voorlopigheid 'n aanvang geneem en moet nou deur die gelowige uitgebou word, maar die voleindiging deur Christus se wederkoms is op hande. Die huidige tyd beleef die laaste woedende stuiptrekkings van die kwaad wat prinsipieel reeds oorwin is, maar wat vir laas nog met ongekende felheid vernietig eerdat hy finaal neergeslaan word. Die voleindiging van die geskiedenis lê nie op aardse vlak nie, maar in die jenseits.

Omdat die koninkryk van Christus deur die gelowige uitgebou word, het arbeid as uiting van daadwerklike liefde vir Christus en die medemens besliste betekenis, maar die mens kan nie, soos Israel gemeen het, deur sy prestasie iets van God afding nie, en hy hoef as kind van God ook nie vir loon te werk nie want die Vader skenk hom alles vryelik. Die gelowige se arbeid is enkel uiting van die liefde en dankbaarheid wat die geloof in Christus in hom gewek het. Hoewel God soewerein is en die verlossing van die wêreld deur Christus alleen tot stand gekom het sonder die mens se bydrae, is die gelowige se arbeid nietemin nie sonder betekenis nie: dit is die teken dat Christus se liefde deur hom werk en dit help mee om die Koninkryk uit te bou.

Ook Paulus se opvattinge oor lyding staan in die lig van die verdwergende uitwerking wat die opstandingsgeloof op aardse instellings en gebeure het. Met die spoedige wederkoms van Christus sal sonde, lyding en dood finaal oorwin word. Lyding word nie alleen draaglik omdat dit gou verby sal wees nie, maar het ook positiewe betekenis aangesien dit 'n teken van die navolging van Christus is en as weg tot God dien.

In Paulus se leer word die klem deurgaans op die jenseitsverlenging van die mens se aardse bestaan gelê. Die aardse bestaan is maar 'n klein en vervlietende deel van die mens se totale bestaan en mag dus nie buite verhouding hoog aangeslaan word nie. Die mens van Paulus is <u>Christus se mens</u>, net vir 'n kort tydjie aardbewoner. Daarom kan aardse verhoudinge en geluk nooit die hoofsaak wees nie. Christus is dit wat hom verlos van die kwaad, wat sy lewe sin gee en deur wie hy tot die ewige geluk-

saligheid opgewek sal word. Daarom is om te lewe vir hom Christus en om te sterwe wins. In Christus is die mens oorwinnaar.

Kortliks is dit die leer wat die apostel oor die hele Hellenistiese wêreld van die tyd uitgedra het. Dit is 'n boodskap van onbegryplike liefde en verlossing wat sin gee aan die ontwrigte lewens van die massas wat in die tyd van ondergang van aardse gelukverwagtinge en die mitologiese godsdiens na rigting en blywende geluk soek. In die tyd toe die gode dood is, het die boodskap van God wat opgestaan het sin aan die tydelike lewe en aan onsterflikheid gegee. Dit is die boodskap wat die hele ou wêreld tot een geheel saambind, wat nie alleen aan die hoogstaande godsdiens van Israel nie, maar ook aan die edelste denkbeelde van Hellas 'n nuwe dimensie toevoeg. Dit is 'n boodskap wat heeltemal nuut was in die wêreld hoewel die kiem van die gedagte van die voortbestaan van die lewe by die dood verby by sowel Griekeland as Israel aanwesig was. Dit is 'n boodskap wat die mens se hoë afkoms, sy waardigheid en sy vryheid benadruk het. Dit is die boodskap wat ongekende groei op geestelike en religieuse gebied gebring het en wat eeuelank die krag van die Westerse beskawing was.